Die Vyfde Seël

Laat ons nou ons hoofde buig vir gebed.

2 Genadige Hemelse Vader, die Almagtige God, Wat Jesus Christus weer uit die dood teruggebring het, en Hom in hierdie laaste dae aan ons voorgestel het, in die Krag van die Heilige Gees, ons is dankbaar vir hierdie magtige besoeke van die onsterflike God. En nou, Vader, lê daar vir ons nog 'n uur voor, 'n uur wat die Ewige bestemming van baie mense kan verander.

3 En om dit te benader, Here, is ons ontoereikend. Want, daar staan in die Skrif, dat: "Die Lam het die Boek geneem en die Seëls oopgemaak."

4 O Lam van God, kom na vore, bid ons. Ons doen 'n beroep op U, Here, die groot Verlosser. Kom na vore en wys vir ons U plan van verlossing wat deur die jare verborge was, deur hierdie Vyfde Seël vir ons te breek vanaand, Vader, en aan ons te openbaar wat onder daardie Seël is; dat ons beter Christene hier weg kan gaan, as wat ons nou is, meer geskik kan wees vir die taak wat voorlê. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

Sit maar.

5 Goeienaand, vriende. Ek ag dit 'n groot voorreg om vanaand hier te wees, by hierdie groot gebeurtenis. Ek weet nie van êrens waar ek beter kon voel, as om by die werk van die Koning te wees nie. En om nou spesiaal by hierdie lesse te kom waar ons maar net kan wag; as Hy Dit nie aan my openbaar nie, kan ek Dit nie vir julle gee nie. Ek probeer nie enige van my eie gedagtes of enigiets gebruik nie; net soos Hy Dit sal gee. Dis reg. En ek—ek's seker, as ek nie my eie gedagtes gebruik nie, en Dit kom soos Dit gekom het. En deur die hele lewe, was Dit nog nooit verkeerd nie. Dit sal nie hierdie keer verkeerd wees nie.

6 Nou, ons is net glorieryk en baie, baie dankbaar vir wat Hy vir ons gedoen het, die groot verborge hand van die lewende God! Watter groter ding kan daar wees, hoeveel meer bevoorreg kan ons wees, as om die Koning van die konings, Here van die here, in ons teenwoordigheid te hê?

7 Ons sou waarskynlik die fluitjies blaas en—en die vlae hys, en die tapyte uitsprei en alles, vir die President van die nasie om die stad te kom besoek. Maar, dink net, dit sou in orde wees, en dit sou vir die stad 'n eer wees.

8 Maar dink. Na ons klein, nederige tabernakel, nooi ons, vanaand, die Koning van die konings, God. En ons maak nie . . . Hy verlang nie dat tapyte oopgegooi word, ensovoorts nie. Hy verlang dat nederige harte oopgelê word, sodat Hy hierdie

nederige harte kan neem en aan hulle die—die goeie dinge kan openbaar wat Hy bestem het vir almal wat Hom liefhet.

9 Nou, ons het gevra . . . En ek het 'n getuienis wat ek graag wil—wil lewer. Nou, as ek my hiermee vergis; ek het dit pas gehoor, en ek kan wees dat ek verkeerd is. Maar ek dink die mense is hier, en op wie die getuienis betrekking het.

10 En dan, 'n paar dae gelede, toe ek nou weg van my huis was, in—in Arizona, het ons 'n—'n oproep gekry wat gesê het daar is 'n seuntjie met rumatiekkoors. En dit tas die hart aan. En hy was so 'n . . . Sy vader en moeder is sulke dierbare, kosbare vriende van my. Dit was ons . . . een van ons diakens hier, van die kerk, Broer Collins. Sy seuntjie, klein Mickey, Joe se speelmaat, het aan rumatiekkoors van die hart gely. En die dokters het hom huis toe gestuur, hom in die bed gesit, en vir die ouers gesê om hom nie eens regop te laat kom nie, ook nie sy kop op te lig, om 'n slukkie water te neem nie. Neem dit met 'n strooitjie; so erg was hy. En die ouers, getrou, kom hier na die tabernakel toe, en glo.

11 En 'n paar aande gelede, om nie te probeer wag nie, het ons genesingsdienste op Sondag aangekondig. Maar, siende dat ons nou vrae gaan beantwoord, moes ons toe die genesingsdiens uitlaat.

12 En toe het ek 'n ietsie gehad wat ek in my binneste gehou het, in my hart.

13 En die moeder en vader wou weet of hulle die kind na die—die kamer toe kon bring. En hulle het die kêreltjie daarheen gebring, en die Heilige Gees het hom as genees verklaar.

14 En so het die ouers, wat dit gerespekteer het, die kêreltjie huis toe gevat en hom skool toe gestuur, hom net skool toe gestuur.

15 Die dokter het dit te hore gekom, toe was die dokter nie baie ingenome met so-iets nie. So, hy sê toe natuurlik vir die moeder dat die kind in die bed behoort te wees. En sy het vir hom die storie vertel. En ek dink die man is 'n, verstaan ek, is 'n Christen-gelowige, by 'n denominasie. 'n—'n Sewende Dag Adventis, is die dokter. En toe het hy gesê: "Wel, jy behoort . . . dis tyd dat die kind, dat ek hom ondersoek." Het gesê: "Jy behoort hom, ten minste, te laat ondersoek."

Sy het gesê: "Goed."

16 Het die kind soontoe geneem, en die dokter het hom ondersoek, in die bloed, waar die rumatiekkoors lê. En toe, verstaan ek, was die dokter so verbaas, dat hy nie geweet het wat om te doen nie. Die seuntjie is perfek normaal, gesond en wel, nie 'n . . . ? . . . is gevind nie.

17 Nou, is die Collinse hier? Ek kon dit verkeerd vertel het. Ek wil . . . Is dit reg, Suster Collins? Ja. Goed. Ja. Dis klein Mickey Collins, net omtrent ses, sewe jaar oud.

18 En dit het net daar in die kamer gebeur, omtrent drie aande gelede. O, hulle . . . Moes Iemand in daardie kamer gewees het behalwe menslike wese! Dit was die—die groot en magtige Jehova, dis reg, wat kom om Sy Woord te eer. En ek—ek is so dankbaar om dit te hoor. Sien? Ek weet ons almal is. Nie net ek nie, maar almal is, want wat as dit—dit jou seuntjie of my seuntjie was?

19 En, onthou, ek lewer getuienis, maar net van 'n enkele een, en soek hier en daar een uit. Dit gebeur oral, maar net om julle te laat onthou dat—dat my eintlike bediening oor Goddelike genesing is. Maar julle . . . Ek is hier vir hierdie Seëls. Want, 'n bietjie later, sal julle verstaan waarom ek hierdie moes doen. En, so, ek is nie 'n leraar nie, ek is nie 'n teoloog nie. Ek—ek bid net vir die siekes, en ek het die Here lief. En nou, nou hieroor, tog, dat . . .

20 Gisteraand het ons 'n getuienis gelewer van die dogtertjie . . . Ek het haar naam gekry. En Billy het dit nou hier iewers, van die ouer en wie hulle is. En hierdie dogtertjie was in die laaste stadium van leukemie, net omtrent . . . Net so erg dat hulle haar nie meer per mond kon voer nie; sy moes . . . haar bloed is oorgetap deur die are. En sy was 'n mooi ou dingetjie. Sy was klein vir haar ouderdom, omtrent soos hierdie dametjie hier, veronderstel ek. Maar sy was omtrent *so* lank, baie . . . Hulle was soos die meeste van ons. Jy kon aan die klere van die kind sien, dat . . . en die ouers, dat hulle baie arm was, sommer baie arm, en, so, maar werklik eerbiedig. En die Heilige Gees het daardie kind as genees verklaar.

21 Nou, dink net daaraan, met leukemie, daardie ou skepseltjie. En die bloed was so erg, hulle kon haar nie eens meer per mond voed nie. Dit moes neem, na die hospitaal gaan en bloed neem, of die oortappings deur die are, het dit gevoed; skat ek, glukose, of wat ook al. Ek weet nie watter mediese terme by daardie siekte pas nie, maar, in elk geval, dit moes so gevoed word. En voor die kind die plek verlaat het, het sy oor 'n hamburger gehuil.

22 En die ouers, nadat hulle die Heilige Gees gehoor het, van SO SPREEK DIE HERE, sien, het hulle . . . En, hulle, vreemdelinge, was nooit tevore hierrond nie. Maar hulle . . . 'n—'n Netjiese ou egpaar wat net pas hulle sitplekke hier vir hulle gekry het, 'n paar minute gelede, Broer en Suster Kidd, het hulle aangesê wat om te doen, en waarna om te luister. En die kind het haar maaltye op pad huis toe geëet.

23 Twee of drie dae daarna, in die skool. En het dokter toe gegaan, en die dokter was so verbaas! Hy het gesê: "Daar is nie eens een spoor van leukemie in die kind te vind nie." Sien? Nou, dis oombliklik, in die kol, die Krag van die Almagtige God, om 'n bloedstroom te neem en dit te reinig, sommer net so, en—en die polsing van—van nuwe lewe daarin terug te plaas. Want, jou—

jou bloedstroom is jou lewe, sterflik. En om nuwe selle te skep, en die oues uit te was! En—en wat dit is, dit is absoluut. . . Ek sal dit sê, dit is 'n skeppende daad van die Almagtige God; om 'n—'n bloedstroom te neem wat met kanker besmet is, totdat die skepseltjie, geel en opgeswel is, en, binne net 'n paar oomblikke, 'n splinternuwe bloedstroom!

24 Ek glo. . . Ek gaan dit nie in Sy Naam sê nie; ek gaan dit sê in my. . . in die openbaring van my geloof, wat nou die dag in Sabino Canyon gebeur het. Ek glo die uur kom nader, dat ontbrekende ledemate teruggeplaas sal word, en die glorieryke Krag van die Skepper. Ek—ek glo, as Hy 'n eekhoring kan laat verskyn, wat geen. . . Hier is die man of vrou, met net 'n deel wat ontbreek. En dis 'n volledige dier, op sigself. Hy is God. Ek—ek het Hom lief.

25 Wel, nou, ek raak aan die praat oor daardie onderwerpe, en ons hou net aan praat. En die mense teen die mure om, en wat in die portale en kamers staan, ensovoorts, so ek sal sommer reguit by die Boodskap kom.

26 En ek wil dit sê, en ek wil Hom dank Wat alomteenwoordig is. En, dat, vandag, sonder om 'n enkele ding van daardie Vyfde Seël te weet, het Dit op daardie selfde misterieuse wyse gekom, vanoggend, net omtrent 'n uur voor dagbreek, toe ek buite was in gebed. En vandag. . .

27 Ek het hierdie laaste vyf of ses dae net gesit, net in 'n kamertjie, niemand gesien nie. Gaan net uit en eet my maaltye saam met 'n—met 'n vriend, saam met 'n paar van my vriende hier. En, natuurlik, weet julle wie daardie vriend is, dis Broer en Suster Wood. Ja. En—en julle weet, en ek het soontoe gegaan en—en by hulle gebly, en almal was baie aangenaam. En daar was niks gewees nie, net eenvoudig. . .

28 Ek probeer net by daardie Boodskap van hierdie Seëls bly. Dis belangrik. Ek glo dis—dis die uur van Sy openbaringstyd, van die openbaring Daarvan.

29 En nou wil ek hê julle moet nou seker maak, vroeg, voor, sodra julle kan, skryf julle onsekerhede oor—oor hierdie Sewe Seëls uit, as julle enige het, en plaas hulle op die lessenaar. En miskien kan Broer Neville of iemand 'n kartondoos hier neersit. [Iemand sê: "Hier's die kartondoos."—Red.] O, hier—hier, ek sien hulle nou. Dis goed. Ek wil hulle liewer vanaand hê, dat ek hulle dalk 'n rukkie kan bestudeer, vir Sondagoggend. Nou, moenie, hierdie slag, net op hierdie keer, moenie dit versoeke maak vir, sê: "Is *dit* bewys van die Heilige Gees?" nie. Sien? Ek—ek wil graag hoor van, waarvan ek geleer het, julle sien, sodat ons hierdie een onderwerp (soos die kerkeeue) duidelik kan kry, sien, want dis wat ons nou behandel.

30 Nou, soos wanneer ons vir die siekes sou gaan bid, dan vereis dit miskien 'n—'n ander gebed. En julle word gesalf, kom

hiernatoe vir iets anders, julle weet. En jy soek God, om uit te vind: "Sal daar iemand daar wees vanaand, Here?"

31 "Ja, dit sal iemand wees wat 'n geel rok aanhet, wat in die regterkantste hoek sit. En as jy haar roep, noem haar *dit*. En sê *so* en *so* het sy gemaak. En sy het *so-en-so*." Dan gaan jy daarheen en kyk, en daar is sy. Sien? Daar het jy dit, sien. Dis anders. Sien?

32 En so bid ek: "Here Jesus, wat is die interpretasie Hiervan? Openbaar Dit aan my." Amen.

33 Nou kom ons haal nou weer ons—ons Swaarde uit, en, die Woord.

34 En ek waardeer Broer Neville se geestelike ondersteuning, sowel as sy broederlike liefde, hier agter my, wat vir my bid. En julle almal s'n daar, ook. En, nou, aangesien dit vanaand Vrydagaand is, sal ons probeer, dit net maak so . . . ons . . .

35 Jy kan onmoontlik nie al die dinge aanraak nie. Jy . . . Want, jy sou Dit kon neem, net een van daardie Seëls, en bly, Dit net—net regdeur die Skrif kon bring, reg tot daar. Sien? Dit sou maande en maande en maande neem, en jy sou Dit nog nie hê nie, want die—die Seël Self verbind die hele Skrif, vanaf Génesis tot Openbaring, een Seël Daarvan.

36 So wat ek probeer doen, is, om nie ver Daarvanaf weg te dwaal nie, ek sal 'n Skrif neerskryf, of—of 'n notatjie hier êrens, en wegbly van . . . Net by daardie een ding te bly, moet ek agter dophou, want, ek kan slegs . . . Om te praat, praat ek by—by wyse . . . Ek—ek hoop dis die regte inspirasie. En as ek—as ek dan afkyk om te sien . . . En as ek—ek begin praat, en ek voel ek dwaal af op 'n onderwerp, sal ek omdraai, terugkyk in die ander rigting, om 'n ander Skrif te probeer kry, om daarmee voort te gaan, julle sien, om dit soort van 'n bietjie van daardie kant af toe te lig, in plaas van om daarmee te probeer voortgaan.

37 En so, nou gaan ons vanaand, deur die genade van God, deur Sy hulp, die—die Vyfde Seël bestudeer. En Dis 'n korte. Dis 'n bietjie langer as die ander. Die vier perderuiters, nou, het twee verse elk, en hierdie is drie verse in hierdie een. Nou, die Vyfde Seël begin, die 6de hoofstuk van Openbaring, die 9de vers.

38 En, nou, as jy 'n—'n vreemdeling sou wees, wat nie hierdie vier perderuiters gehoor het nie, wel, jy . . . Sien, soms val jy—jy net terug en—en gooi iets soort van in, en, as jy dit doen, verwag jy die mense moet Dit verstaan. So, as daar 'n ietsie is wat jy nie verstaan nie, wel, verdra net 'n bietjie. Of, kry die band en luister Daarna, en—en ek is seker jy sal—jy sal 'n seëning Daaruit ontvang. Ek het. Ek—ek hoop dat jy—dat jy ook sal.

39 Nou, almal reg, vanaf die 9de vers nou tot die 11de, of die 11de ingesluit.

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van dié wat gedood is ter wille van die woord van God, en die getuienis wat hulle gehad het:

En hulle het met 'n groot stem uitgeroep, en gesê, Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U . . . ons bloed op die bewoners van die aarde nie?

En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n—'n klein rukkie moes rus, totdat ook hulle mededienstknegte . . . hulle broeders, wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.

40 Nou, dis nogal 'n verborgene. En nou ter wille van bande, en geestelikes en leraars wat hier sit, nou, as jy 'n ander mening as Hierdie het; ek het dit ook gehad. Maar ek neem Dit net uit die inspirasie, wat my mening Daaroor heeltemal verander het. Sien?

41 En dan vind ek uit, soos jy hierdie sien geopenbaar word, Dit gaan reguit terug en bring daardie kerkeeue en die Skrifte mooi bymekaar, en bind Dit saam. Sien? En dis waarom ek dink dat Dit van God af kom. Nou, ons besef dit.

42 En ek dink dat ons somtyds staatmaak op wat een of ander groot leraar Daaroor kon gesê het. Sien? En dis—dis in orde. Ek veroordeel nie die leraar nie, glad nie. En ek veroordeel niemand nie. Ek veroordeel net sonde, ongeloof; niemand nie.

43 En sommige mense het gesê: "Jy veroordeel organisasie." Nee, ek doen dit nie. Ek—ek veroordeel die stelsel van organisasie; nie die mense daarin, die groep mense wat die organisasie uitmaak nie, julle weet. Maar die stelsel waardeur hulle geregeer word, dis wat ek veroordeel, Katoliek en Protestant, dieselfde. Goeiste! Ek het . . .

44 Sommige van die beste vriende waarvan—waarvan—waarvan ek weet, is Katolieke, net . . . ? . . . Besef julle . . . En die man kan dalk vanaand hier sit, is miskien. Die enigste manier wat ons hierdie tabernakel gebou gekry het, was omdat 'n Rooms Katoliek daar in die hof op sy voete gestaan het, en na vore getree het vir my, en, man, soos niemand sou nie. Dis reg. En hulle kon dit nie weier nie. Dis reg.

En het gesê: "Hulle het die syfer gehad daar: 'Te veel mense.'"

45 Hy het gesê: "O, dit sal nie tagtig meer in daardie kerk maak nie, nie só nie." Het gesê: "Daardie kerk staan daar." Het gesê: "Ek—ek ken die pastoor, en die hele opset." En het gesê: "Daardie kerk was daar." Het gesê: "Die res van julle kan aanbou, waarom kan hulle dan nie?" 'n Rooms Katoliek, goeie vriend van my. Sien? Ja, meneer.

46 'n—'n Seun wat 'n—'n Katoliek is, 'n regte rojale vriend van my, het met my gesels. Het 'n sekere hardeware winkel gehad; voor ek weg is. Hy het gesê: "Billy, ek—ek weet jy glo nie in ons

stelsel van godsdiens nie." Hy het gesê: "Maar ek sê nou vir jou," gesê: "God het jou gebede vir ons soveel keer verhoor! Ek glo, as jy êrens in die nasie in die moeilikheid beland," gesê: "sou elke Katoliek in die land na jou toe kom." So, julle sien, dis . . .

47 Hy het gesê: "Elke kruisrug," het hy dit genoem. Ek gaan dit vertel net soos hy dit gedoen het. Natuurlik, hulle maak daarop aanspraak om dit te wees omdat die vroeë Christene kruise op hulle rûe gedra het. Ons weet dit uit die geskiedenis. En hulle maak daarop aanspraak om die vroeë Christen te wees, wat hulle was, maar die stelsel het hulle van daardie pad afgekry, julle sien.

48 En daardie mense, 'n Katoliek, of Jood, of wat dit ook al is, hulle is 'n menslike wese uit dieselfde boom waaruit ons kom. Sien? Dis reg. Hulle—hulle is mense wat liefhet, en eet, en drink, en slaap, en net soos enigiemand anders. En so, ons moet nooit individue veroordeel nie, nee, niemand nie, sien. Maar, ons moenie individue veroordeel nie.

49 Maar, as 'n prediker, moet ek daardie slang daarbuite slaan, wat in daardie mense inbyt, julle sien. En ek doen nie—en ek doen nie eens . . . Net ek, en uit myself, sou ek dit nie doen, as dit nie 'n opdrag van God was, wat ek verplig word om te doen nie, sien. En ek moet dit trou en getrou nakom.

50 Maar as 'n Katoliek, Jood, of wat hy ook al is, hierheen kom; as hy 'n Mohammedaan is, Grieks, of Ortodoks, of wat hy ook al mag wees. As hy hiernatoe kom om voor gebid te word, sou ek net so opreg vir hom bid, as wat ek vir my eie sou. Dis reg. Sekerlik, want dis 'n mens. En ek het al vir Boeddhiste gebid, en Sikhs, Djainiste, Mohammedane, en—en elke soort, julle sien, soos dit. En ek vra hulle geen vrae nie; ek bid net vir hulle, want hulle is iemand, 'n menslike wese wat gesond wil word, en probeer om die lewe 'n bietjie makliker langs die pad te maak vir hulle.

51 Nou ons besef, dat, hieroor, en baie van julle hier ken ek, daar ten minste twee of drie werklike geleerdes hier sit. En—en hulle is slim, en het gelees uit—uit ander mense se leerstellings oor hierdie onderwerp. En ek wil hê hierdie broers moet weet dat ek—ek nie hierdie manne veroordeel nie. Ek sê net wat die Here vir my wys. En dis al wat ek het.

52 Nou, ons wil nie ooit so dink nie, omdat een of ander wasvroutjie of—of ploegseuntjie daarbuite, nie 'n openbaring van God kon gekry het nie. Want, julle sien, dit . . . God, Hy openbaar Homself in werklikheid in eenvoud. Dis, ons het dit Sondag gehad, om hierdie mee af te skop, hoe Hy Homself in Sy eenvoud openbaar. Dis wat Hom groot maak.

53 Nou laat—laat ek net . . . Laat ek dit net vir 'n oomblik hersien. Wat God groot maak, is omdat Hy Homself so eenvoudig kan maak. Dis wat Hom groot maak. God is groot, en kan Homself in so 'n eenvoudige vorm maak, dat die wyses van

hierdie wêreld Hom nie kan vind nie. Hulle kan Hom net nie vind nie, want Hy maak Homself te eenvoudig. Nou kyk. En dit, op sigself, is die verborgenheid van die openbaring van Jesus Christus. Sien? Dit, op sigself, dat die . . . Daar's . . . kan niks groter as God wees nie. En jy kan nie enigiets so eenvoudig maak as wat Hy Homself maak nie. Sien, dis wat Hom groot maak. Sien?

54 Nou, 'n groot man, hy kan net 'n bietjie groter raak, of miskien kan hy neerbuig en vir jou sê: "Hoe gaan dit?" sien, of so-iets. Maar hy kan homself nie klein maak nie. Daar's net iets aan hom. Hy's 'n mens. Hy kan homself net nie klein maak nie. Want, as hy daar te klein begin word, dan, voor jy jou kom kry, moet hy verwys na wat iemand anders gedoen het, en so. En dan begin hy homself weer na bo optrek, julle sien.

Maar, die pad op is af, in God. Ja.

55 Die wyses van die wêreld probeer, in hulle wysheid, om Hom te vind. Hulle klim net, sodoende, van Hom af weg. Sien, die wyses van die wêreld, as jy iets probeer verduidelik met een of ander wiskunde of iets. Onthou, Hy het dit selfs gestel . . . In die Bybel, in Open- . . . Nee, verskoon my.

56 Jesaja 35, dink ek is dit, dat dit selfs so—dit so eenvoudig is dat selfs 'n—'n—'n misdadige persoon Dit sou verstaan. Sien? O: "Selfs die dwase sal nie daarin dwaal nie."

57 Wyses mis dit ver, deur hulle wysheid, gaan verder van Hom af weg, deur Hom met wysheid te probeer vind. Nou, moet dit nie vergeet nie. Dit sal op band opgeneem word, sien. Die wyses, in hulle wysheid, gaan so ver om Hom deur hulle wysheid te probeer vind, dat hulle Hom mis, sien. As hulle groot genoeg kon wees om eenvoudig genoeg te wees, sou hulle Hom kon vind. As jy groot genoeg is om eenvoudig genoeg te raak! Sien dit? En, weet julle, dit—dit is werklik die Waarheid.

58 Ek het al ingestap by mense, in hulle kantore, ensovoorts, wat werklik manne was, groot, konings, sien, en heersers, monarge, en gewoonlik is hulle groot manne. Dan, het ek by plekke ingegaan waar 'n kêrel ander klere aangetrek het, miskien een of ander prediker wat 'n rukkie met my wou argumenteer, en jy—jy sou dink dat die wêreld nie sonder hom sou kon voortgaan nie, sien. En dit—dis net 'n groot kop, sien. Maar, 'n—'n groot man, 'n groot man gaan sit en probeer jou laat dink jy is die groot man. Sien? Sien, hy kan homself verneder.

59 En, julle sien, God is so groot dat Hy Homself kan verneder, tot 'n plek, dat 'n menslike wese nie so ver kan afklim nie, jy sien. Dis al. En in hulle . . .

60 En hulle probeer Hom vind. Nou kyk. Hulle probeer Hom vind deur die seuns skool toe te stuur, en 'n Baccalaureus Artium graad te verwerf. En—en hulle probeer Dit vind deur 'n teologiese terminologie van—van—van—van die Bybel. En

hulle probeer Hom vind deur opvoedkundige programme, en deur organisatoriese programme, en deur dinge te versier, en te probeer vind. Hy is glad nie daar nie. Jy baklei net teen die wind, dis al. Jy—jy raak verder weg Daarvan af.

61 Kon hulle groot genoeg wees om—om eenvoudig genoeg te wees, kon hulle Hom langs daardie weg vind, deur eenvoudig te wees. Maar solank as wat jy in die rigting van wysheid beweeg, gaan jy weg van Hom af.

62 Nou laat ek dit stel sodat julle dit nie kan mis nie. Solank jy God probeer vind deur wysheid, soos dit was in die tuin van Eden, soos dit was in die dae van Moses, soos dit was in die dae van—van Noag, soos dit was in die dae van Christus, in die dae van Johannes, in die dae van die apostels, en tot vandag toe! Wanneer jy Dit probeer uitredeneer, en God probeer vind deur wysheid, gaan jy die hele tyd verder van Hom af weg. Jy probeer Dit verstaan. Daar is geen manier om dit te doen nie. Aanvaar Dit net. Sien? Glo Dit net. Moet Dit nie probeer verstaan nie.

63 Ek kan nie verstaan waarom, dat, wel, 'n klomp dinge nie. Nie baie dinge wat ek wel verstaan, of kan verstaan nie. Ek kan nie verstaan hoe hierdie jongkêrel, wat hier sit, dieselfde kos as ek kan eet, en—en, hier is hy, het 'n kop vol hare, en ek het niks nie. Ek verstaan dit nie. Hulle sê vir my kalsium doen dit; en ek kan nie voorbly om my vingernaels af te knip nie, en glad geen hare om af te sny nie. Ek—ek verstaan dit nie. Soos die ou gesegde lui, ek . . .

64 Om nou nie soort van die trant te verander, die erns nie; maar, Dit is erns, maar ek het nog nie by die Seël uitgekom nie.

65 Hoedat 'n swart koei groen gras kan eet, en wit melk gee, wat geel botter karring! Ek—ek sou dit beslis nie kon verduidelik nie, sien. Want, jy sien, elkeen is 'n produk van die ander een. En hoe dit so maak, kan ek nie verklaar nie.

66 Kan nie verduidelik hoe twee lelies kan staan, of twee blomme, van dieselfde soort, en een rooi, en die ander een geel, en een bruin, en een blou. Ek verstaan dit nie. Dieselfde son op hulle. Waar kom die kleur vandaan? Sien? Ek—ek kan dit nie verduidelik nie, maar tog moet jy dit aanvaar.

67 Ek wens net een of ander groot teoloog wil vir my verduidelik hoe hierdie wêreld in 'n wentelbaan staan. Ek wens jy kon vir my wetenskaplik 'n bal in die lug opgooi, wat draai, en dit die tweede rewolusie laat maak, op dieselfde plek. Jy sou dit nie kon doen nie. En tog is hierdie tydsberekening so perfek, dat hulle die sonsverduistering tot op die minuut kan voorspel, twintig jaar van nou af. Hulle het nie 'n horlosie, of 'n klok, of enige stuk masjinerie, wat so perfek is nie. En tog staan dit daar. En, dan, leun dit agteroor. Wat daarvan as dit 'n bietjie regopper sou kom? Ja. Jy maak jouself net verspot, deur te probeer, sien.

68 So, julle sien, moenie wysheid probeer verkry, om te verstaan nie. Glo net wat Hy sê. En hoe eenvoudiger jy kan raak, daar het jy dit dan, jy sal Dit vind. Nou, ek is so dankbaar daarvoor, dankbaar dat Hy is, Homself eenvoudig gemaak het. Nou, ons vind, die 6de hoofstuk en die 9de vers. Laat ek nou begin.

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van dié wat gedood is ter wille van die woord van God, en die getuienis . . . wat hulle gehad het:

69 Let op, daar is geen vermelding van nog 'n Dier, of 'n lewende—lewende Wese, by hierdie aankondiging van die Vyfde Seël nie. Nou onthou, daar was, by die Vierde Seël. Daar was, by die Eerste Seël, Tweede, Derde, en Vierde, maar niks hier nie. Sien?

70 Nou, as julle oplet, laat ons bietjie agtertoe lees, een van die Seëls. Kom ons gaan terug na die Vierde Seël toe, sien. En dis die 7de vers.

En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê, Kom . . . kyk.

. . . toe Hy . . . die derde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die—van *die derde lewende wese sê, Kom kyk.*

. . . van *die tweede lewende wese . . . Kom . . . kyk.*

. . . en die eerste lewende wese sê, *Kom kyk.*

71 Maar dan wanneer ons by die Vyfde Seël kom, is daar geen Lewende Wese nie. Nou let nou net op.

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar . . .

72 Sommer gou! Sien, daar's geen—daar's geen Dier daar nie. En 'n Dier stel krag voor. Ons weet dit, sien. Daar is geen lewende Wese nie.

73 Nou, een van daardie Wesens, vind ons uit, met die studie van die—die—die openbaring in die kerke, dat die een van hulle het . . . was 'n leeu; en die ander een—die ander een was 'n os; en die ander een was 'n mens; en die ander een was 'n arend. Ons vind uit, in die kerkeeue, dat daardie vier Lewende Wesens, wat vier kragte beteken, vergader het rondom die Handelinge van die Apostels, net soos met die—die tabernakel in die woestyn. En julle verstaan dit, want ek sal nie tyd in beslag neem om daarop in te gaan nie. Hoe ons dit hier uitgeteken het, en mooi presies gewys het! Hulle het Hieroor gewaak, die Lam en die Woord, om die Woord uit te voer net soos hulle met die—die ark van die verbond gemaak het in die Heiligste in die woestyn, ensovoorts.

74 Nou, ons het selfs posisioneel aangetoon, deur die stamkleure van Israel, en deur die . . . Hoeveel het al die sewe—die sewe

kerkeeue gehoor? Ek skat die meeste het, helfte, twee derdes van julle. Let op, dat selfs die aard van die Lewende Wese presies 'n stam-embleem was, op watter wyse die vier . . . die twaalf stamme gesit het, vier aan elke kant, of—of drie stamme aan elke kant. En die vier Lewende Wesens het gesit en waak, oor hierdie stamme, van al vier rigtings.

75 En, toe, het ons gegaan en die Evangelies geneem, en presies aangetoon. Wanneer jy in die ark ingegaan het, het hulle die ark, die verbond, bewaak. En toe vind ons uit dat die verbond van die nuwe Kerk, Sy verteenwoordiging op aarde, is die Heilige Gees. Die Bloed het die Heilige Gees, na ons toe, teruggestuur. En die vier Lewende Wesens het voorgestel, en soos die—die twaalf stamme van Israel, soos dit gewaak het. En vind hulle geaardhede, en neem daardie selfde geaardheid en bring dit na elkeen van daardie vier Evangelies, presies, was presies dieselfde gewees. Een het met die leeu gepraat, die ander een met die os, en die ander . . . Die vier Evangelies! Daar is dit. Die vier Evangelies is die beskerming van die Heilige Gees. Amen.

76 Ek wonder net altyd . . . Dit het by my bly vassteek. Nou, dit is omtrent ses jaar, skat ek, sedert ek 'n groot man hoor sê het dit was die . . . "Die Handelinge van die Apostels was net die raamwerk." Ek het baiekeer gehoor dit word gesê. Maar om 'n man van sy status, as 'n prediker en as 'n leraar, te hoor, wat party van die bekende boeke geskrywe het wat die mense oral lees, en te sê dat die Handelinge van die Apostels nie werklik geskik is om vir die Kerk te leer nie!

77 Wanneer, die Handelinge van die Apostels die eintlike fondament Daarvan is; nie die raamwerk nie. Die fondament! Want, die Bybel sê dat die—die—die—die fondament van God "gebou is op die Doktrine van die apostels," reg: "Christus, die Hoof, die Hoeksteen."

78 En toe hierdie kêrel daar gestaan en daardie opmerking gemaak het, het ek—ek—ek—ek net . . . My hart het net gesak. En ek het gedink: "Geen wonder nie." Wel, ek sien nou, in die Seëls. Dit was net nie geopenbaar nie. Dis al. Sien?

79 So, daardie, daar was hulle, het daar gestaan, maar daar was iets wat dit net gesê het. Nou, let op, hulle bewaak.

80 Nou, toe het ons Matthéüs 28:19 gekry, en daardie ding deur Matthéüs gevolg, wat die leeu verteenwoordig het. En toe ons daarin gekom het, het ons presies gevind waarom hulle doop in die Naam van Jesus Christus. En daar het Hy, daar gestaan met daardie einste Skrif, om die heilige pand van die doop te bewaak, van die Naam van Jesus Christus. Goed. Wel, ek dwaal nou af op die kerkeeue.

81 Let op. Maar, hier, wanneer ons nou by hierdie Vyfde Seël kom, is daar—is daar—is daar geen ruiter wat uitgaan nie, en is daar geen Lewende Wese om Dit aan te kondig nie. Johannes het

net . . . Die Lam het Dit oopgemaak, en Johannes het Dit gesien. Daar was niemand daar om te sê nie: "Nou kom, kyk. Kom, sien." Let op, geen krag van die lewende Wese nie. Of daar's . . .

82 En by die Sesde Seël, is daar geen Lewende Wese om Dit aan te kondig nie. En by die Sewende Seël, is daar geen Lewende Wese om Dit aan te kondig nie. Geen magte om Dit aan te kondig nie. Sien, niemand doen dit nie. By die . . . Kyk. By die . . . Na die Vierde Seël, is daar geen aankondiging deur enige Lewende Wese-mag, vanaf die Vyfde, Sesde, of Sewende Seël nie, glad nie.

83 Nou let op. Ek hou hiervan. Soos daar ten tye van die ruiter van die vier perde, die ruiter (enkelvoud) van die vier verskillende perde, 'n Lewende Wese was wat die krag aangekondig het. Elke keer dat die ruiter 'n ander perd bestyg het en na vore gekom het om te ry, het 'n ander soort Lewende Wese uitgekom en dit aangekondig: "Dis 'n groot verborgenheid." Sien? "Dit is die verborgenheid." Waarom? Het die verborgenheid aangekondig.

84 Waarom is daar nie een hier by die Vyfde Seël, om Dit aan te kondig nie? Hier is dit, volgens die openbaring wat die Here Jesus my vandag, sien, of vanoggend, vroeg, gegee het. Dit is, dat, die verborgenheid van die kerkeeue alreeds afgehandel is, teen hierdie tyd. Die verborgenheid van die antichris is geopenbaar, teen hierdie tyd. Die antichris het sy laaste rit onderneem, en ons het hom op hierdie vaal perd gekry, vermeng met sy baie kleure, en ry die hele pad tot in die verderf.

85 Ons kry dit by die Basuine, ensovoorts, wanneer ons dit leer. Ek sou nou daarheen kon gaan, maar ons raak weer heeltemal van die onderwerp af. En ons—ons gaan . . . hy ry . . .

86 Dis waarom daar niemand daar is nie. Nou, ons geen geskrewe oorsaak, sommige redes vir iets. Nou, onthou julle, by die eerste, begin, het ek gesê daar kan niks sonder 'n rede wees nie. Onthou die druppeltjie ink? Sien? Nou jy moet die rede kry. Wel, daar is een of ander rede waarom hulle nie 'n Lewende Wese, of 'n krag, hoef te gehad het, om die breek van hierdie Seël aan te kondig nie. En net God kan openbaar waarom, dis al, want Dis alles—alles berus by Hom.

87 Maar die rede waarom Hy Dit openbaar, soos ek dit verstaan, is omdat die verborgenheid van die Boek van Verlossing, wat die antichris betref, geopenbaar word; en op daardie tyd, is die Kerk weg, en hierdie dinge gebeur glad nie eens in die kerkeeu nie. Dis reg. Hulle is—hulle is weg van die kerkeeu af. Die Kerk is absoluut Weggeraap, teen hierdie tyd. Die Kerk gaan op, in die 4de hoofstuk van Openbaring, en keer nie terug voor Dit saam met Haar Koning, in die 19de hoofstuk, terugkom nie. Maar hierdie Seëls hier openbaar wat was, wat is, en wat sal wees. Sien? En, nou, wat vir die kerkeeu moes wees, is deur hierdie Seëls geopenbaar. En kyk nou wat Dit neem.

88 Die—die vier stadiums van sy ruiter is geopenbaar. Die vier stadiums van die antichris, wat ry, is geopenbaar teen hierdie tyd, daarom hoef hulle nie meer te hê nie.

89 En daar was vier lewende Wesens van God, om die ruiter aan te kondig soos hulle gery het. Vier Lewende Wesens is vier magte. Nou, ons weet dat *Dier*, deur interpretasie van die terme van die Bybelsimbole, "krag" beteken. Nou, laat ons dit mooi begryp. Die vier is Diere, in die Bybel, stel 'n krag onder die mense voor.

90 Nou, as ons uitvind, soos in Daniël, toe hy 'n sekere volk sien opstaan het, sou dit miskien 'n beer wees wat 'n rib in sy sy hou, in simbool. Dan het hy 'n ander mag sien opstaan, 'n bok. Dit het iets voorgestel. Dan het hy 'n ander mag sien opstaan, en—en dit was 'n luiperd met soveel koppe. Dit het 'n sekere koninkryk voorgestel. Dan het hy 'n ander een sien opstaan, 'n groot leeu met tande, en—en het die oorblyfsel vertrap. Dit het geheel en al 'n ander mag voorgestel. Een was 'n—'n koninkryk van Nebukadnésar; en 'n ander, tipe van—van 'n droom. Daniël het 'n visioen gesien; Nebukadnésar het 'n droom gedroom. Maar Daniël het sy droom uitgelê, en was korrek met die visioen.

91 Amen! Sjoe! O! [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.] As julle net weet wat gebeur het! Wat het gebeur voor ons hier weg is? Verstaan julle? Wel, ses drome het direk na mekaar, presies saam met die visioen, gekom. Amen. Sien? 'n Droom, uitgelê, is 'n visioen. Want 'n persoon is miskien nie gebore met 'n onderbewussyn om wakker te bly, te wees, wanneer hy dit sien nie, dan kom God daar in hierdie onderbewussyn in, en praat met hom. Wat, Hy het belowe dat, in drome, in die laaste dae, Hy mense sou besoek, en ook in visioene. Sien?

92 Nou, 'n visioen is wanneer jy wawyd wakker is, sommer net so staan, en sekere dinge word geopenbaar. En staan, vertel hulle sommer direk daarvan; sien wat gebeur het, en wat gaan wees, ensovoorts.

93 Maar, nou, 'n droom is wanneer jy aan die slaap is, en jou vyf sintuie onaktief is, en jy—jy in jou onderbewuste is. Jy's êrens, want, wanneer jy terugkom, onthou jy waar jy was, onthou dit jou hele lewe lank. Sien? So, dis jou onderbewussyn. Dan ten einde, sien . . .

94 Soos Kongreslid Upshaw altyd gesê het: "Jy kan nie iets wees wat jy nie is nie." En dis net omtrent reg, sien.

95 En, dan, as jy 'n siener gebore is. Nou, julle sien, om dit te doen, moet beide daardie bewussyne reg bymekaar wees; nie die een *hier* met vyf sintuie, aktief, die ander *hier* as jy aan die slaap is, met hierdie vyf sintuie onaktief nie. Maar, julle sien, wanneer beide van hulle, jy's so gebore, reg bymekaar, jy raak nie aan die slaap nie. Jy gaan net van die een na die ander een, so—sommer so. Jy raak nie aan die slaap nie. Daar's nie genoeg plek om aan die slaap te raak nie. En jy kan nie jouself so maak nie.

96 So: "Gawes en roepings is voorbestem deur God." Hulle is—hulle is God se gawes en roepings, selfs "sonder bekering," het die Bybel gesê. Sien? Hulle is beskik voor die grondlegging van die wêreld. Sien?

97 Nou, nou, ons vind uit dat die . . . 'n Dier, van Daniël, dit het beteken dat dit 'n mag is wat onder die mense opstaan. Goed. En—en Johannes se visioene het hier, ook, gewys dat dit magte is, nasies wat opstaan. Soos, die Verenigde State verskyn in Openbaring 13, as 'n lam. En dan as julle wil weet, verskillende . . .

Julle sê: "Wel, dit, dit praat van nasionale mag."

98 Dit stel ook heilige krag voor, ook, 'n dier. Het julle dit geweet?

99 Kyk na Rebekka; toe—toe die—die dienskneg van Abraham, Eliëser . . . Toe hy vir Rebekka kom haal het, het sy . . . Hy het haar op 'n kameel laat ry, die einste kameel wat sy water gegee het. En sy het op hierdie kameel gery, om haar onsigbare bruidegom te ontmoet. Die einste ding wat sy water gegee het, is die ding wat haar na haar toekomstige tuiste en man toe geneem het.

100 En dis vandag net so, sien. Die einste ding wat die Kerk water gee, dit is die Saad, die Saad van die Woord. Dis die einste Woord wat lewend word en ons na ons onsigbare Bruidegom toe dra. Sien? Sien?

101 En kyk hoe perfek. Isak het die huis verlaat, en was buite in die veld, weg van sy huis af, toe Rebekka hom gesien het.

102 En die Kerk ontmoet Christus in die lug, en dan neem Hy Haar terug in die Huis, Vader se Huis in, waar die wonings berei is. Isak het Rebekka net so geneem.

103 En, let op, dit was liefde met die eerste oogopslag. O, goeiste! Sy het hom sommer tegemoet gehardloop.

104 En dis hoe die Kerk Christus sal ontmoet, in die lug, om vir ewig by Hom te wees.

105 Nou, in Bybelse terme, is hierdie Lewende Wesens kragte. Let op. Ek wil nou hê, ek wil hê julle moet oplet.

106 Die duiwel het sy vier, veranderlike, gekleurde diere gehad, om op uit te gaan. Hy het sy vier diere gehad. Dit was al drie van hulle, in die kleur van een geplaas, en het daardie een 'n —'n vaal perd gemaak; 'n wit perd, rooi perd, swart perd. En ons het gesien, elkeen van hulle was 'n stadium van sy bediening, 'n stadium van die vroeë kerk wat in 'n denominasie omvorm het, by Nicaea. Die oorspronklike Pinksterkerk, waarop die Heilige Gees uitgestort is, neergedaal het, het 'n antichrisgees aangeneem, 'n organisasie gevorm, geboorte gegee aan 'n paar organisasie-dogters. Het sy krag drie keer verander, en hulle saam verenig, en 'n vaal perd gemaak. En toe 'n naam gegee, naamlik, die Dood, en het hom die Ewigheid ingery. Net so

duidelik as kan kom! Nou, let nou op, hy word hierdie—hierdie perd gegee, en hy ry daarop.

God, God het ook, soos elke tyd . . .

107 Nou kyk. Toe die antichris eerste verskyn het, waarin het hy verskyn? Wit perd. Sien, wel, so onskuldig as kan kom, net 'n leerstelling in die kerk. Hulle wou gemeenskap hê. Julle gemeenskap is met Christus. Maar hulle wou 'n gemeenskap hê. Hulle kon dit net nie verdra nie, hulle wou hê . . .

108 Wel, julle weet, soos klein klieke sal in die kerk ontstaan. Julle, julle ken dit, julle pastore. Sien? Hulle, soos hulle sê: "Voëls van enerse vere." Maar as ons wedergebore is, broers, is dit—dit nie die houding om in te neem nie, sien. Nee. Nou, ons—ons—ons . . .

109 As ons iets verkeerd sien in ons broers, laat ons net bid en dit voor God hou, en daardie man liefhê tot ons hom reg in die Teenwoordigheid van God inbring. Sien? Dis die manier, regtig hoe dit gedoen moet word.

110 Julle weet, Jesus het gesê. "Daar sal onkruid daar tussenin wees," want Jesus het gesê daar sou wees: "maar moet hulle nie uittrek nie; julle sal die koring daarmee saam neem." Sien: "Los hulle net uit." Hy sal . . . Laat Hom die afskeiding doen wanneer die tyd kom. Sien? Laat dit alles saam groei.

111 Let op, soos die dier uitgegaan het, die antichris het op 'n dier, sy krag, uitgegaan.

112 O, ek hou hiervan! Ek begin sommer nou net godsdienstig voel, sien, miskien die stimulasie. Let op, wanneer die antichris . . . O, daardie—daardie openbarings, in die Teenwoordigheid van daardie Vuurbal wat daar in 'n kamer hang! Totdat . . . O, broer! Hoewel ek Dit gesien het, sedert my kinderdae, elke keer dat Dit naby my kom, ontstel Dit my. Hy plaas my byna in 'n bewustelose toestand. Jy raak nooit Daaraan gewoond nie; jy kan nie. Dis te heilig.

113 Let op, soos die antichris voort is (vier) daar op sy bedieningsdiere, het God 'n Lewende Wese uitgestuur om dit teen te gaan. Sien? Nou kyk. Toe, elke keer dat (die dier gery het) op sy perd, die antichris op sy perd gery het, op sy dier, om sy bediening aan te kondig; het God ook Sy Lewende Wese gestuur, en Hy was Daarop, om Sy teenstand daarteen aan te kondig.

114 Nou, die Skrif sê: "Wanneer die vyand inkom soos 'n vloed, sal die Gees van God 'n standaard daarteen oprig."

115 En so, toe die vyand as 'n antichris uitgegaan het, het God 'n sekere tipe krag uitgestuur om hom te ontmoet. En toe, toe hulle . . .

116 Hy het weer uitgegaan, as 'n ruiter op 'n rooi perd, 'n ander kleur, 'n ander krag, 'n ander bediening; God het 'n ander een agter hom aangestuur, om dit teen te staan, om Sy Kerk te behou.

117 Het die derde een gestuur; weer, het God Syne gestuur, derde Lewende Wese het gekom en dit aangekondig.

118 Hy het die vierde een gestuur; God het Sy vierde een gestuur. En dan eindig die antichris, en die kerkeeue het ook geëindig, teen daardie tyd. Kyk. Nou, o, dis regtig goed!

119 Nou, ons sien dat die duiwel verander, vier—vier diere, het beteken watter krag hulle geopenbaar is aan die . . . of watter krag hy aan die wêreld geopenbaar het, en hoe hulle op hierdie vaal "dood"-perd geëindig het.

120 Nou kom ons kyk na God se kragte, van hierdie Lewende Wesens, om hulle teen te staan.

121 Die eerste Lewende Wese van God, waarmee Hy uitgegaan het om die antichris te ontmoet, die antichrisgees toe dit net in sy lering was. Nou onthou, toe die antichris die eerste keer gery het, was hy in 'n leringsbediening. Die antichris het gery, eerstens, in 'n leringsbediening. Kyk nou na die een wat hom gaan ontmoet het: die leeu, die Leeu uit die stam van Juda, wat die Woord is. Toe sy vals lering uitgegaan het, het die ware Woord uitgegaan om hom te ontmoet.

122 Dis waarom ons 'n Irénaeus gehad het, en 'n Policarpus, en—en—en—en daardie kêrels, 'n Sint Martin.

123 Toe daardie antichris gery het met sy vals lering, het God Sy Lering, die Woord uitgestuur, die Leeu uit die stam van Juda, wat die Woord, gemanifesteer in die Heilige Gees, is. En die Heilige Gees, daar, om Homself, wat die Woord is, te manifesteer!

124 Dis waarom die vroeë Kerk genesings, en wonderwerke, en visioene, en krag gehad het, is omdat dit die lewende Woord was, in die vorm van die Leeu uit die stam van Juda, wat uitry om dit teen te staan. Amen! Het julle dit nou begryp? Hy stuur sy krag, antichris; God stuur Syne, die Woord. Antichris, vals lering; die ware Lering het daarmee saamgegaan, om dit teen te werk! Nou, dit was die eerste een. Nou, dit was die eerste Kerk, apostolies, wat gegaan het om hom te ontmoet.

125 Nou, die tweede dier wat die antichris uitgestuur het, was 'n rooi dier, wat moes . . . waarop hy gery het, was om vrede (en) van die aarde af weg te neem, en—en oorlog.

126 Nou, die tweede een wat gegaan het om hom teen te staan, was die Lewende Wese soos 'n os. Die os beteken 'n werk, 'n Lasdier.

127 En nou as ons net 'n oomblik net kon stilstaan. Laat ek, ja, laat ek, net om nou seker te maak julle sien dit. Nou, dis die soort wat dalk 'n bietjie raaiselagtig vir julle mag wees. Maar kom ons kry vir Thiatíre hier. Hou dop en kyk of dit nie 'n—'n —'n werkende Kerk is nie, julle sien.

En skryf aan *die engel van die gemeente* van *Thiatíre; Dit sê die Seun van God wat,* sy oë is, soos die *vuur*vlamme, *en sy voete is soos blink koper;*

Ek ken jou werke, . . .

128 Sien, word nou alles werke, sien, want dis die een wat saam met hom gery het.

. . . *en* jou *liefde, en diens,* (sien, dis alles net . . .) *en geloof, en . . . geduld, en jou werke* (weer, twee keer: "jou werke"), *en dat die laaste meer is as die eerste.*

129 Sien, dit wys dat, die Thiatíre Eeu, nadat die antichris gevestig geraak het en tot 'n Thiatíre Eeu gekom het, kon die klein Kerk niks doen as maar net—net eenvoudig werk nie.

130 En nog 'n ding, die os is, ook, is 'n Offerdier. Sien? Hulle het hulle lewens net so vrylik gegee as wat hulle dit kon gee, in die donker eeue, 'n duisend jaar wat Katolisisme die wêreld daar beheer het. En hulle het sommer net ingegaan, ja of nee. Hulle het nie omgegee om te sterf nie. As dit dan die dood was, was dit ook goed. Hulle het net in elk geval gaan sterf. Waarom? Die einste Gees van die eeu!

131 Dis waarom hulle, dis waarom Irénaeus, dis waarom Policarpus, Johannes, Paulus, daardie groot en magtige manne daarbuite, daardie ding teengestaan het!

132 Paulus het dit gesien. Hy het gesê: "Ek weet, dat na my vertrek, dat wolwe tussen julle gaan inkom, broers, wat verderflike dinge leer, en dit sal julle laat afdwaal." Kyk na daardie streng, klein, ou apostel wat daar staan, sy rug vol houe geslaan, sy oë waterig. Maar hy kon verder sien as hulle . . . daardie teleskoop waarmee daar oorkant gespeel word, waarmee hulle 'n honderd-en-twintigmiljoen ligjare van ligruimte kan sien. Hy kon tot reg in die Ewigheid in sien. Daar was hy. En hy het dit voorspel en het gesê dis wat sou plaasvind. En het ook gesê, dit het voortgegaan tot daar in die ander komende eeu. Nou, let op, daar was hy.

133 Saam met, na hom, het Johannes die langste geleef. En toe Johannes probeer het om al die heilige Geskrifte te neem, gesalf met die Heilige Gees, en hulle saam te voeg en die Bybel te maak, het die Romeinse ryk hom gevang en hom op die Eiland van Patmos gesit. Hy was daarbuite op die Eiland van Patmos om die Woord van God se onthalwe. Policarpus het hom dit help vertaal.

134 Ek het nou die dag die brief, wat Maria self aan Policarpus geskryf het, gelees. En berispe . . . nie hom berispe nie. Maar het hom geprys as 'n moedige man, wat die lering van Jesus Christus kon leer en aanvaar, van Wie uit haar gebore is, uit God. Maria se eie briefie wat sy aan Policarpus geskryf het.

135 Policarpus is vir die leeus gevoer, weet julle. Nee, hy is verbrand. Dit—dit was te laat vir hulle om 'n leeu in die arena

los te laat, en toe het hulle 'n badkamer afgebreek, 'n ou badhuis daar, en het hom in die—in die—in die arena gesit, en—en hom verbrand.

136 En op sy pad, soos hy afgekom het, het hy met sy kop onderstebo geloop. Die Romeinse hoofman oor honderd het gesê: "Jy's 'n ou man, en hoog geag. Waarom sweer jy nie daardie ding af nie?"

137 Hy het net na die Hemel bly kyk. En 'n Stem het van êrens af gepraat. Hulle kon nie verstaan van waar nie. Het gesê: "Policarpus, moenie vrees nie. Ek is met jou." Uh-huh. Waarom? Hy het by daardie Woord gestaan.

138 En toe hulle die planke op hom begin ophoop het, om hom te verbrand, het daar 'n Hemelse musiek neergedaal. En—en die gesange van een of ander Engele êrens, het die lied gesing. Hy het nooit eens een keer 'n oog geknip teenoor die spotter nie.

139 Dis moedige manne. Dis manne wat kan staan. Die martelare deur die eeue heen, daar, het verskriklik gely. Maar wat was hulle? Hulle was onder die inspirasie, die Gees van God, die krag. Ek . . .

140 Moet dit nie vergeet nie, kerk. En julle broers, op die band, ek wil hê julle moet dit ondersoek. Hoe kon mense iets anders doen behalwe die krag van God wat vir hulle vrygestel is? Ek gaan hierdie kartondoos hierbo neersit, om dit voor te stel. As God 'n sekere Gees onder hulle stuur, is dit die enigste ding waarvolgens hulle kan werk, is die Gees wat onder hulle werk. Nou ons sal vir julle bewys, deur die geskiedenis van die Kerk, en deur die—die opening van die Seëls, en die kragte wat losgelaat word; en kyk, presies, het die Kerk gereageer op die—die salwing, en hulle kon niks anders doen nie.

141 Nou, die eerste was daardie leeu wat gebrul het, daardie suiwer, onvervalste Woord.

142 Die tweede, in Thiatíre, was die os. En Dit was 'n—'n belaste . . . 'n Lasdier. Verskoon my. En Dit was ook 'n Offerdier. En was dit nie net presies die arme, klein Kerk nie? Rome was daar gevestig, tot 'n duisend jaar van donker eeue, en enigiets wat nie getuig het om van die Roomse kerk te wees nie, is onmiddellik doodgemaak. En hulle moes werk, van plek tot plek gaan.

143 Julle Vrymesselaars, ek sal julle aandag vra. Onthou julle die teken van die kruis? Nou julle—julle weet waarvan ek praat.

144 Nou let op. Nou, as julle—as julle sal oplet, dit was daardie Bybel dra en bewaar. Sien? En hulle moes onder mekaar werk. Daar het julle dit, die os. En toe dit tyd geword het . . . Ons het dit gisteraand gelees. Sien, toe die ding uitgegaan het, en die offerhande kom, en hulle moes gaan.

Hy het gesê: "Moenie die wyn en Olie beskadig nie."

145 Wat het hulle gedoen? Hulle het gewilliglik daarnatoe geloop en gesterf. Hulle het nie omgegee nie, want die Gees van die Kerk in daardie dag was offerande, arbeid. En hulle het net so vrylik daar opgestap as wat hulle kon loop, gesalf met die ware Gees van God van daardie eeu, en soos helde gesterf, 'n offerande; duisende maal duisende, agt-en-sestigmiljoen van hulle op die rekord.

146 Os, offerande! O, goeiste! Verstaan julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Oukei. Goed. Nou, offerande, dit kon net arbei in daardie tyd, om die groot teenstand van daardie eenduisend jaar teen te werk.

147 Nou, die derde dier wat van die duiwel af uitgegaan het, was hierdie swart perd. Sien?

148 Nou, die derde Lewende Wese wat uitgegaan het, 'n krag vanaf God, om hom teen te staan, om die kragte van die swart perd teen te staan; was 'n mens, bedrewe, slim, met die wysheid van God. Julle weet, 'n mens is slimmer, as enige van die diere. Sien? Hy is slimmer, want hy kan hom meestal uitoorlê. Hy is bedrewe, knap. Sien? En hy . . .

149 Die—die eeu, vanaf die donker eeu, kom nou uit die donker eeu uit; nou, hierdie ander kant, toe hierdie swart perd gery het, toe hulle laat betaal het vir hulle—hulle—hulle—hulle offerandes en alles wat hulle gedoen het. En geld was net . . . O, julle weet hoe dit was.

150 Nou, die volgende ding wat uitgegaan het, om dit teen te staan, was die Lewende Wese met die gesig van 'n mens; slim, geleerd, knap, goed, gesalf met daardie Gees van daardie dag. Let julle dit op? Nou, hy het uitgegaan om hom teen te staan, met die bedrewenheid van God se wysheid met hom. Dit was die eeu van die hervorming, Martin Luther, John Wesley, ensovoorts. Sien, dit was die hervorming. Zwingli, en, o, wie almal, Knox, Calvyn, en wie almal, sien, het uitgegaan. Dit was 'n bedrewenheid. En nou, julle moet kyk, presies vanaf die donkereeu, vanaf die hervorming, hiernatoe, kyk, was dit die knapheid van die mens.

151 As julle julle vensters net 'n bietjie kan laat sak! Ek dink mense word soort van 'n bietjie warm, ja, miskien, daarbinne. As julle net die vensters net 'n klein bietjie kan aftrek! Want, ek weet, as ek wat hier staan en preek, warm kry, weet ek julle behoort daar ook te wees.

152 Wel, let op, dit was die knapheid van die mens. Nou, verstaan julle?

153 Daardie derde dier wat Satan uitgestuur het, hy het ook knap geword. Kyk: "'n Rantsoen koring vir 'n penning. Drie rantsoene gars vir 'n penning." Sien? O, goeiste! Sien? Die geldmaak skema, die knapheid, om die goud van die wêreld, en die rykdom te bekom, daarin ingebring. Dis om presies te vervul. Dis waarom begin is om vir gebede te laat betaal. En vir . . . Het 'n

plek genaamd die vagevuur gemaak, en hulle voorvaders daaruit gebid. En, o, jy moes jou aktes bemaak en alles, jou eiendom. Die kerk, en dit was staat, was dieselfde, en die kerk het jou eiendom oorgeneem.

154 En sien julle nie, party van hierdie evangeliste, vandag, het nogsteeds daardie selfde salwing op hulle nie? Laat ou mense hulle pensioene opgee, en hulle huise bemaak aan sekere dinge. Wel, broer, ek—ek wil nie daaroor begin nie, sien. Maar nou sal ek net hierby bly; ek kyk terug om te sien waarheen ek gaan. Nou let op, daardie mense, dis hulle saak. Dit hang van hulle af. Dit—dit—dit het nie enigiets met my te doen nie. Ek is net verantwoordelik vir Dit hier.

155 Nou let op, die—die Lewende Wese wat dit kom teenstaan, nou, was die mens. En ons almal weet dat hierdie Lewende Wese, van 'n mens, hierdie krag van die mens, in sy intellektueles, erken het dat daardie kousjer wat Martin Luther in sy hand gehad het, toe hy met daardie treetjies opgeklim het . . .

156 Hulle het gesê: "*Dit* is die Bloed van Jesus Christus. *Dit* is die liggaam van Jesus Christus."

157 En Luther het dit neergegooi, en gesê: "Dis brood en wyn. Dis nie die liggaam van Christus nie, want dis verhoog, en sit aan die regterhand van God, om bemiddeling te doen." Sien, wysheid; sien, die mens.

158 En toe John Wesley aangekom het, na Zwingli ingekom het, en Calvyn.

159 En hulle het die kerk na 'n punt gebring, oor sekuriteit, dat hulle nie meer herlewings wou hê nie. "Wat ook al gaan gebeur, gaan gebeur." Dis al. En hulle het net enige soort lewens gelei. Die Lutherse kerk is so verdraai, en die Anglikaanse kerk! O, goeiste! Die hele land het korrup geword, net soos dit nou is. Die kerke het weggedraai. Toe Koning Hendrik die—die VIII, en in Engeland ingekom het, en na "bloody Mary", en al hierdie dinge plaasgevind het. En, toe, was die kerk so vol geweld en korrupsie. Baie het op Christenskap aanspraak gemaak, en met vier of vyf vroue gelewe, of enigiets gedoen wat hulle wou doen, en tekere gegaan, en smerigheid.

160 John Wesley, wat die Skrif bestudeer het, Dit dopgehou het, dit is aan hom geopenbaar dat die Bloed van Jesus Christus die gelowige heilig. En jy's . . . behoort nie . . . Wat het hy toe gedoen? Hy het met nog 'n hervorming na vore gekom. Hy het die wêreld in sy dag gered, soos Luther gedoen het. Sien? Wat was dit? Daardie mens, Lewende Wese-krag, wat uitgaan.

161 Gee die mens wysheid, om te verstaan, dat die ding verkeerd is. "Dit is nie die Bloed van Jesus Christus nie. Dit is nie die—die liggaam van Jesus Christus nie. Dit stel die liggaam voor." Sien?

162 Dis nou nogsteeds 'n groot twispunt tussen Katoliek en Protestant. Dis die enigste ding waaroor julle op die oomblik nie kan ooreenkom nie. Oor alles anders, kan hulle ooreenkom, behalwe dit; dié in daardie rade wat hulle het. Let nou op. Maar hierdie, maar hulle—hulle kon daaroor nie ooreenkom nie. [Broer Branham klop drie keer op die preekstoel—Red.] Sien?

163 Die een: "Is die Bloed, en," sê: "dis die letterlike Bloed; dat die priester die mag het om hierdie brood in die letterlike liggaam van Christus te verander." Dis wat die klein tabernakel is, in die—die—in die kerk, julle weet. Dis waarom hulle tekens maak en enige soort heidense offer soos hulle verbygaan, julle weet, en hulleself buig, en hulle hoede lig, ensovoorts. Dit is nie vir die gebou nie; dis vir daardie kousjer wat in die—die tabernakel is. En let op hoe knap Satan dit afgespeel het!

164 Maar, sien, in daardie tyd, met die mens se wese, sien, het God 'n Gees van wysheid op die mens geplaas, om te verstaan dat dit verkeerd is. Nou, dit was om die derde dier teen te staan, wat die kerk so korrup laat word het, wat hy gery het, dat dit verskriklik was. Die hervormers, wat het hulle toe gedoen, hulle in die hervormers se eeu? Hulle het die Kerk, van sy heidense seremonies van afgodery, weer na God toe teruggebring. Sien? Dis waarvoor die Lewende Wese uitgegaan het, daardie bedrewenheid van die mens, die ruiter, om dit te doen.

165 Nou, maar, lees nou vers 3 en . . . of, Openbaring 3:2, net 'n oomblik. Nou, ek het dit hier afgemerk gehad, om een of ander rede. Nou dit is, kom nou in, die Lutherse eeu, in die hervormers se eeu, van Openbaring 3:2.

166 Wat hulle gedoen het, hulle het georganiseer. Sodra Luther se kerk aan die gang gekry het, het hulle dit georganiseer. Nou goed, dieselfde ding het Wesley gedoen. Dieselfde ding het die Pinkster gedoen, presies, dit georganiseer. En wat doen hulle? Hulle aanvaar dieselfde stelsel waaruit hulle gekom het. Sien?

167 Nou kyk hierna, Openbaring, praat oor hierdie Sardiskerk. "Aan die engel van die kerk," dis die 1ste vers, natuurlik. Sien? Goed.

Wees wakker, en versterk dié wat oorbly,

168 Dit is: "Die Woord wat julle geleer is," sien: "dié wat oorbly."

. . . wat op die punt staan om te sterwe: . . .

169 Hy is dan sommer gereed om met 'n organisasie te begin net soos die Katolieke kerk waaruit hy gekom het. Sien?

. . . want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.

170 Daar het julle dit. Daar is die . . . Daar gaan hy, weer reguit terug. Sien julle nie waarom organisatoriese stelsels verkeerd is nie? Wie het dit begin? Het God? Het die apostels? Die Rooms

Katolieke kerk het dit gedoen. Nou laat enige historikus net anders sê. Dis nie daar nie. Hulle is, hulle sê hulle is die moederkerk, en hulle is. Maar hulle organiseer die ding, en plaas 'n stelsel, met 'n mens se hoof daarop. En ons het nie een mens geneem, soos hulle gedoen het nie; ons neem 'n hele raad van mense, plaas hulle bymekaar, en dan het jy regtig 'n deurmekaarspul. Dis reg. Hoe kan 'n raad, in elk geval?

171 Dis net soos, ons dink demokrasie is reg. Ek glo ook dit is reg, maar dit sal nooit reg werk nie. Dit kan nie. Met 'n klomp Rickies hierrond om dit te beheer, hoe op aarde gaan jy dit regkry? Jy kan nie. Let op, die regte ding was 'n godvresende koning.

172 Let op die Lewende Wese, nou die derde Lewende Wese, was die bedrewenheid van 'n mens. En hy het die hervormers voorgestel wat uitgegaan het.

173 Vanaf die afgod, om te neem, sê: "*Dit* is die brood." [Broer Branham klap sy hande vier keer—Red.] "*Dit* is die wyn." [Broer Branham klap sy hande twee keer.] Sien, die antichris het nogsteeds iets wat die Christendom simboliseer. Hy moet hê, want hy's "teen," julle sien. En dan, as hy teen iets moet wees . . .

174 Nou, as hy daar aankom, sê: "O, ek is 'n Boeddha." Wel, dit het niks nie. Hulle doen dit almal. Dis net 'n heiden, om mee te begin.

175 Maar die antichris is slu. Hy het allerhande dinge daar wat Christendom voorstel. Net, het dit na die ander kant toe af, iets teen die oorspronklike Leerstelling Daarvan. Sien, dis wat hom antichris maak. Sien?

176 So, die hervormers, toe die Lewende Wese uitgegaan het in die vorm van 'n—van 'n mens, om dit teen te staan!

177 Nou, moet dit nie vergeet nie, klas! Moet dit nie vergeet nie! [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel—Red.] Sien? Onthou Dit, al die dae van julle lewe! Sien? Hierdie Lewende Wesens is korrek. Dis SO SPREEK DIE HERE. Sien?

Let op, afgodery bring die . . .

178 Die mens-Lewende Wese het uitgegaan met die krag van God, deur wysheid wat God hom gegee het, en het die Kerk uit afgodery na God toe teruggebring. Maar in die . . .

179 Ons vind uit, in daardie selfde kerkeeu, toe hulle begin denomineer het, om dieselfde ding te doen wat hulle in die begin gedoen het, wat Rome gedoen het, nou gaan sy dogters van daardie kerk maak. En wat sê sy?

180 Het gesê: "Noudat jy . . . Ek het jou nie volmaak gevind nie. En jy moet daardie bietjie krag wat hy oorhet, versterk." Nou luister hoe Hy hulle weer waarsku, in Openbaring 3:3. Laat ons kry . . . Wel, ek dink ek het dit gehad, net 'n paar minute gelede.

Onthou van *hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit, en bekeer jou.*

181 Net, anders gestel: "Onthou dat jy uit so 'n korrupsie soos daardie gekom het." Sien? En kyk hier.

. . .As jy dan nie sal *wakker word nie, sal Ek* op *jou afkom soos 'n dief,* (uh-huh)*, en jy* sal weet. . .*en jy* sal *nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.*

182 Verderaan, gaan Hy die kandelaar verwyder, sien. So, dit is dit. Wat is dit? Die Lig van die Kerk.

183 En sy het reg in dieselfde organisatoriese stelsel van heidense duisternis ingegaan waaruit sy gekom het, en daar bly sy vandag, met mense wat eerlik van hart is, wat dink dat dit die Waarheid is, net dieselfde as wat Katolieke is. En die Protestante lag vir die Katolieke; wanneer, dit ses van die een, en 'n halfdosyn van die ander is, presies, volgens die Woord. Menslike wysheid!

184 Nou let op. O, hoe hou ek nie Hiervan nie! Luister na hoe Hy hulle nou waarsku. Nou, nou ons. . .Stem julle ten volle saam, elkeen van julle? Nou, as julle nie, skryf vir my 'n vraag. Dat, daardie Lewende Wesens in elke eeu presies geïdentifiseer word, soos die Bybel hulle hier geïdentifiseer het. Dis presies wat hulle daar gedoen het. Die geskiedenis wys wat hulle gedoen het. Ons kyk net hier en sien wat hulle gedoen het.

185 En hier, daardie Lewende Wesens, ek—ek—ek het dit nooit vantevore geweet nie. Ek het net daar gesit. Ek kon dit net daarbo sien beweeg, net soos julle na my kyk. Sien? En dit moet reg wees, want dit is reg hier volgens die Bybel. So hoe gaan jy enigiets anders doen behalwe sê dis reg? Let op.

186 Nou, die vierde Lewende Wese, wat uitgestuur is om die antichris teen te staan, in hierdie laaste Lewende Wese. Is julle gereed? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die laaste Lewende Wese wat uitgestuur is, of die laaste krag om die antichris teen te staan, wat teen die Leer van God was, die antichris, was 'n arend. Sien? Die vierde Lewende Wese was 'n arend. Nou, jy bestudeer net die eeue, bestudeer die Skrifte. Is die arend! En in die Bybel, was die laaste eeu 'n arend-eeu. En God vergelyk die arend met Sy profete. Sien? Dit. . .Nou kyk. Die laaste eeu, die arend-eeu, 'n —'n openbaarmaker van die ware Woord. Sien?

187 Voordat God tot aksie oorgaan, soos Hy gedoen het in die dae van Noag, het Hy 'n arend uitgestuur. Toe Hy Israel gebring het, en Farao se leër gereed was om te gaan, het Hy 'n arend gestuur. Elke keer, stuur Hy 'n arend teen die laaste, einde daarvan.

188 En hier stuur Hy weer 'n arend. Dis presies volgens die Woord. So hoe kan jy dit enigiets anders maak? Stuur 'n arend, (waarom?) 'n openbaarmaker van die Waarheid, wat dwarsdeur die eeu ons toegeval het.

189 So hoe op aarde kon die—die os, of die—of die man, of watter Lewende Wese ook al gery het, hoe kon dit ooit geopenbaar word voordat die arend gekom het? Hulle het hulle plek gehad; hulle was godvresend, gestuurde Lewende Wesens, net soos enigiemand anders was.

190 Die leeu, dit was die oorspronklike. Dit is daar waar die antichris in—in teenstand opkom.

191 Toe het hy 'n ander krag laat opstaan; Hy het 'n krag gestuur om dit te ontmoet.

192 Toe het hy 'n ander krag laat opstaan; Hy het 'n ander krag gestuur om dit te ontmoet.

193 En toe met die laaste krag, bring Hy die arend af: "Om die kinders weer terug te bring na die oorspronklike Geloof, van hulle vaders." Die arend-eeu! Dan, let julle op, is daar geen Lewende Wesens meer nie. Dis hulle almal. Dis die einde. Nou, as julle nou Openbaring 10:1,7 sou neem. Ek het daarna verwys. Onthou, in die laaste boodskapper se eeu, sien, wat moes gebeur? "Al die verborgenhede van God sou geopenbaar word." Die arend! Amen!

194 Nou sien julle die vier diere wat gery het. Dit was volkome reg. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En nou hier is elke eeu, of elke krag wat daaragter gery het. En daar is die Skrif wat wys wat die vyand se ruiter gedoen het. Dit is in hierdie Seëls geopenbaar. En dit is ook nou geopenbaar dat elke Lewende Wese, krag wat God uitgestuur het, om dit teen te staan, presies in die kol tref, tot by die arend-tyd. Nou, as hierdie die laaste tyd is, sal daar 'n arend kom, reg, en daarvoor. Nou, onthou.

195 Nou in die dae toe die leeu gekom het, die oorspronklike Woord, het omtrent een honderdste van hulle na die leeu geluister.

196 In die dae toe die—die os gekom het, het net 'n klein ou druppeltjie van hulle na die os-boodskap geluister.

197 In die dae toe die—die mens gekom het, het hy onder die mense gewerk, julle sien, so Hy was knap. Hy het 'n klein groepie uitgekry.

198 En wat het hulle gedoen? Satan het dit gesien, toe stuur hy hulle net reguit terug en trou hulle daarin.

199 En onthou, wanneer die arend eindelik kom, sal dit een honderdste van een persent wees wat sal luister. Dis 'n arend-eeu. Onthou, dis al hierdie ander ruiters . . . En toe het selfs Jesus voorspel: "As Hy nie Sy Koms verhaas het nie, sou daar geen vlees, hoegenaamd, vir die Wegraping gered word nie." . . . ? . . . Is dit die Skrif? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Julle sien dan waarby ons is, dan nie, broer en suster? ["Amen."] Sien waarby ons is?

200 God, ek is so bly, ek—ek—ek weet nie wat om te doen nie! Maar ek . . . Dis nie net ek wat hierbo staan om—om te praat nie. Ek is ook hierin. Ek, ek is tussen julle. Sien, ek, Dis ek. Ek het familie. En ek het broers en susters vir wie ek lief is. En die God van die Hemel, goedhartig genoeg om af te kom en—en daardie ding te openbaar, deur Sy Eie . . . deur visioene wat vir dertig jaar bewys is, is die Waarheid. Ons is hier. Ons is . . . Ons het gearriveer. Dis al. Wetenskaplike ondersoek het Dit bewys. Die bevestiging van die Woord het Dit bewys. En ons is hier! En hierdie Openbaring kom van God af, en Dis die Waarheid!

201 Het julle enigiets begryp? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek het net gewonder of julle het. Sien? Ja, meneer. Ek hoef julle dan dalk nie te vertel, Sondag nie. Let op. Let op. Wonderlik! Nou, nou, let nou op.

202 En dan volgens die—die tyd dat God die wêreld van voor die sondvloed sou gaan verlos, het Hy die arend gestuur.

En die tyd dat Hy Israel sou gaan verlos, het Hy die arend gestuur.

203 Glo julle dat die tyd, selfs met Johannes, op die Eiland van Patmos, was hierdie Boodskap so volmaak dat Hy Dit nie aan 'n Engel kon toevertrou nie? Julle weet, 'n engel is 'n boodskapper. Maar weet julle die boodskapper was 'n profeet? Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Kom ons bewys dit. Openbaring 22, kom ons kyk of dit 'n arend was. Ja. Sien, hy was 'n . . . Sekerlik, hy was 'n engel, hy's die boodskapper, maar dit was 'n profeet wat hierdie hele Boek van Openbaring aan hom geopenbaar het.

204 Openbaring, die 22ste hoofstuk en die 19de vers, ek dink dis reg as ek dit hier neergeskryf het . . . 22:19, ek kan verkeerd wees. Nee. [Iemand sê: "Dis dalk 22:9."—Red.] 22:9, dis wat dit is. Ek het na 22:9 gekyk. Dis reg. O, ja, hier.

Toe sê *hy* vir *my: Moenie! want ek is 'n* mededienskneg *van jou, en van jou broeders, die profete, . . .*

205 Kyk wat Johannes hier gesien het.

. . . ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het.

206 Nou sluit hy af. Dis die laaste hoofstuk.

. . . en toe ek . . . gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat hierdie dinge gewys, *wat* vir *my hierdie dinge ge*wys *het.*

207 En "hy," is dan: "die engel," sien.

Toe sê *hy* vir my: *Moenie: . . .*

208 Geen ware profeet, of boodskapper van enige aard, sou aanbid wou word nie, sien. Dis vir God alleen.

Toe sê *hy vir my: Moenie: want ek is 'n mededienskneg van jou, en van jou broeders, die profete, en van hulle* wat *die woorde van hierdie boek bewaar: aanbid God.*

209 Sien? Nou, die Boek was so belangrik, dat, Dit is die Woord van God. Nou kyk. En wanneer die Woord van God na vore gebring word, moet Dit deur die profeet gebring word, want dis na wie die Woord van God kom.

210 Ek het verwag om 'n vraag daaroor te kry, in—in hierdie kartondoos hier. Ek het gedink ek sou hulle daarmee voorspring, so 'n bietjie, julle weet. Ek voel net daar is so ene daarin, dis al. Ek—ek het net gedink ek sou daarby uitkom, julle sien. Sien?

211 Elke Woord van God word gebring. Die Bybel verander glad nie die stelsel nie, sien. Dis dieselfde ding. Dit moet na hierdie siener toe kom, wat ons verwag om te arriveer, nou let op, Openbaring 10:1, 7.

212 Nou kom ons lees weer die—die 9de vers. Nou ons kry . . . ons . . . Nou, voor ons na daardie vers toe gaan, wil ek vir julle iets vra.

213 Sien julle, volkome, voor ons van hierdie Seëls afstap? Nou onthou, daar gaan nie meer kragte uit na daardie arend nie, sien, nie meer nie. Elke keer dat die antichris iets uitgestuur het, het God 'n krag gestuur. As die antichris 'n ander krag uitgestuur het; het God iets gestuur om dit teen te staan. Dan het hy 'n ander krag gestuur; God het iets gestuur om dit teen te staan. Sien? En toe, toe Hy tot by die arend gekom het, was dit Sy Woord, terug soos Dit in die eerste plek was.

214 Nou kyk. Is die profeet waarna ons uitsien om te kom, nie 'n man gesalf met die—met die Gees soos Elía nie? Dit sal natuurlik nie Elía wees nie. Maar dit sal 'n man wees, soos hy, wat sal neerdaal. En sy eintlike bediening is om hierdie afvallige mense te stuur, terug te bring deur hierdie denominasionele draaie, terug na die oorspronklike Geloof van die vaders toe. Nou, as dit nie daardie Bybel aaneenskakel nie, weet ek—ek nie wat dit doen nie. Ek—ek—ek kan nie meer daaroor sê nie, want dis al. Jy arriveer net. Dis die Waarheid. Neem jy enigiets daarvanaf weg, verdraai jy dit. Sien? So, dit, dit moet net so wees.

215 Nou, let nou op, in die 9de vers: "Siele onder die altaar." Nou, dis hier waar ek 'n paar regte verskille van opinie gaan kry. Maar kyk maar net eers 'n oomblik. En net . . . Sien? Ek het ook so gedink, maar dit het nie so gekom nie. Ons het . . . ek het altyd gedink dat hierdie siele onder die altaar die—die—die martelare van die vroeë Kerk was. En ek is seker dat, wel, Dr. Uriah Smith, en elkeen van hulle, sê dit is. Sien? Maar, ek het self so gedink. Maar toe die Heilige Gees die visioen daarvoor gewys het, was dit nie; dit is nie die siele nie.

Nou, nou sê jy: "Wel, ek weet nou nie so mooi daarvan nie."

216 Wel, nou, net 'n oomblik, ons sal uitvind. Kyk. Hierdie is nie die siele van die—van die Bruidkerk nie, glad nie. Ons het gedink dit is die Bruidkerk wat daar wag, siele onder die altaar, julle sien, wat uitroep: "Hoe lank nog, Here, hoe lank nog?" Laat ek dit nou weer lees, sodat ons dit reg het.

> *En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van dié wat gedood is ter wille van die woord van God, en die getuienis wat hulle gehad het:*

217 Sien: "Die Woord van God, en die getuienis wat hulle gehad het." Nou, moenie—moenie daarvanaf wegbeweeg nie. Net 'n oomblik, sien.

> *En hulle het uitgeroep . . . Hoe lank, . . . Here,* hoe lank? . . . (sien?) . . . *heilige en waaragtige, oordeel en wreek U . . . ons bloed op die bewoners van die aarde nie?*

> *En* aan *elkeen van hulle is wit klere gegee; en* aan *hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus, totdat ook hulle mededienstknegte en—en . . . broeders, wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.*

218 Nou, want hulle, teen hierdie tyd, as julle sal oplet, wanneer hierdie Vyfde Seël geopen word, sien, is die Kerk weg. Dit kan net nie wees, die siele onder die—die vroeë Kerk nie.

219 Nou, nou, asseblief, as julle nou ooit hieraan aandag gegee het, want dit is 'n groot twis- . . . twispunt, so ek wil hê julle moet nou baie mooi luister. En kry julle papiere, en goed om mee te skryf. Nou, ek wil hê julle moet oplet.

220 Nou, hulle kan nie daardie siele wees nie. Want, die—die siele van die—van die regverdiges, martelare, en die regverdige mense, die Kerk, die Bruid, is alreeds opgeneem, so hulle sal nie onder die altaar wees nie. Hulle sal in die Heerlikheid wees, saam met die Bruid. Nou kyk. Want, hulle is weg in die Wegraping, in die 4de hoofstuk van Openbaring. Hulle is reeds opgeneem.

221 Nou, wie is hierdie siele dan? Dis die volgende ding. Wie is hulle, dan, as hulle nie die vroeë Kerk is nie? Dit is Israel, wat as 'n nasie gered moet word, hulle almal wat voorbestem is. Dis Israel. Dis Israel, self.

222 Julle sê: "O, wag 'n oomblik." Julle sê: "Hulle kan nie." O, ja, hulle moet gered word.

223 Hier, laat ons dit uitmaak, net 'n oomblik. Ek het vier of vyf Skrifte. Ek sal een neem. Kom ons vat vir Romeine, net 'n oomblik, en vind uit of hulle moet. Kom ons vat die Boek van Romeine, en gaan na die—die 11de hoofstuk van Romeine, en ons sal uitvind. Net . . . kom ons lees dit net, en dan sal ons dit vir onsself hê. Romeine, die 11de hoofstuk, die 25ste en 26ste vers. Nou luister hier na Paulus.

224 En Paulus het gesê: "As enigiemand anders, selfs 'n Engel, enige ander evangelie verkondig," (wat?) "moet hy vervloek wees." Kyk.

> *Want ek wil nie hê, broeders, dat* julle die *verborgenheid nie moet weet nie* (uh!), *sodat julle nie* eiewys *mag wees nie* (daar het julle dit); *dat* die *verblinding ten dele oor Israel gekom het, totdat die* vervulling*, volheid van die Heidene ingegaan het.*

225 Die laaste Heidense Bruid moet ingebring word, vir die Bruid, die blindheid het oor Israel gekom vir daardie doel.

> E*n so sal die hele Israel gered word: soos geskrywe is,* 'n *Verlosser sal uit Sion kom, en sal die goddelooshede* vir *Jakob afwend:*

226 Reg! Nou, hulle is Israel, wat onder hierdie altaar is. Kyk. Israel is verblind vir die einste doel dat ons gered word. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou, wie het hulle verblind? God. God het Sy Eie kinders verblind.

227 Geen wonder, Jesus, staan daar by die kruis, en daardie Jode skreeu om Sy Bloed nie! Dit was Sy Eie kinders. En Hy was die Skrif. Hy was, Self, die Woord. En hier, Hy wat weet dat daardie mense Hom graag sou wou ontvang! En dis waarom Hy hulle verblind het, sodat hulle Hom nie sou herken nie. Hy het op so 'n nederige wyse gekom, en het hulle daarvoor verblind, dat hulle dit nie sou ontvang nie. Sien? Die Skrif het gesê hulle sou dit doen. En Hy het verblind. Was verblind! Jesus het hulle jammer gekry, selfs soveel, dat Hy gesê het: "Vader, vergewe hulle. Hulle weet nie wat hulle doen nie." Sien? Hulle was blind. Paulus het gesê hulle was verblind met 'n doel, vir ons.

228 Let op. Nou ek wil hê julle moet baie goed hierna kyk. "Hulle is klere gegee." Hulle het dit nie gehad nie. Hulle is klere gegee, wit klere, elkeen van hulle. Nou, die heiliges het nou, het alreeds een; hulle kry dit hier. Maar, daar: "Hulle is klere gegee." En die heiliges het alreeds hulle s'n gehad, en het voortgegaan. Sien? Sien? Hulle het—het nie . . .

229 Hulle, sien, hulle het nie 'n kans gehad nie, want hulle is deur God verblind, hulle eie Vader; sodat die genade van God vervul kon word, sodat die Bruid uit die Heidene geneem kon word. Is dit reg? [Gemeente sê "Amen."—Red.]

230 Kom—kom ek wys vir julle 'n pragtige tipe hier in Josef; Josef, die man van Gees, die arend. Hy is gebore tussen sy broers, net soos die ware Kerk tussen die ander is. En hy kon drome uitlê en visioene sien. En die res van hulle het hom gehaat. Sy vader het hom liefgehad.

231 Let op, toe, is hy uit, uitgestoot deur sy broers, nie deur sy vader nie. Uit, deur sy broers, en is vir byna dertig silwerstukke verkoop. In 'n sloot gegooi, en as dood aanvaar.

232 Is opgeneem, en het aan die regterhand van Farao gesit. En omdat hy deur sy broers verstoot was, sien, is hy 'n Heidense bruid gegee, nie uit sy eie mense nie. Daardeur, het hy Efraim en Menasse voortgebring, wat by Israel bygevoeg is.

233 Soos Israel hulle geseën het, deur sy hande te kruis, van die jongste na die oudste, om die seëninge van die Jood terug te kruis,. . . of van die Jood na die Heiden toe. Sien? Het sy hande gekruis, na die jonger seun, wat die jonger Kerk is wat inkom. "Die—die moederkerk het in die son gestaan; sy het hierdie baba voortgebring." En let op, om hom te kry, het Israel sy hande gekruis, in die tipe. En Josef. . .

Daardie selfde kinders, was 'n Heidense moeder.

234 Die bruid van Israel, destyds, het oorkruis geraak, van die ou Ortodokse, oor na die Christenwyse, deur die Heilige Gees wat Israel se hande gekruis het. Hy het gesê: "God het my hande gekruis." Hy het niks daarmee te doen gehad nie.

235 Let op. Toe het Josef, verwerp deur sy eie broers, sy eie mense, 'n Heidense bruid geneem. Net presies wat Jesus gedoen het; verwerp deur die Jode, het 'n Heidense Bruid geneem.

236 Nou, kom ons lees iets hier. Ek het 'n Skrif neergeskryf, Handelinge 15. En, o, dis net soort van presies wat ons veronderstel is om dit te verkondig, in elk geval. Nou, ek dink ek het dit reg, lees Handelinge 15:14. Goed. Ek hoop dit is nou reg. Goed. "Simeon het vertel hoe God. . . " Nee, kom ons begin by die 13de vers.

En nadat hulle geswyg het, antwoord Jakobus,. . .

237 Nou, julle sien, wat gebeur het, hulle het na die Heidene toe gegaan. Sien? En die twis was aan die gang, want hulle was Jode. Sien?

En nadat hulle geswyg het, antwoord Jakobus, en sê: Broeders, luister na my:

Simeon (dis Simon Petrus) het *vertel hoe God in die begin uitgesien het, om 'n volk uit die Heidene vir sy naam aan te neem.*

238 Huh! Sien, my vrou se naam was Broy. Toe ek haar geneem het, was sy 'n Branham. Sien?

239 Jesus neem Sy Kerk uit, of Sy Bruid, uit die Heidene. Dis die Skrif, getipeer, net soos Josef was.

240 Nou let hier op, nou, hierdie siele onder die altaar. Wel, die. . . hierdie: "Hierdie siele," verstaan nou: "wat onder die altaar is," wel, hulle is tot martelaar gemaak deur sondige mense soos Eichmann. Sien? Hulle hou nog vas, miljoene van hulle, sien, maar hulle bly Jode.

241 Nou, onthou. Wat was dit? "Hulle is gedood ter wille van die Woord van God," nie vir die getuienis van Christus nie. Het julle dit verstaan?

242 Maar, onthou, die Kerk het ook ingekom, die martelare van die Kerk, was vir die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus. Hoeveel weet dit, hier by die . . . [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ja. Goed.

243 Nou, maar dié het nie die getuienis van Jesus Christus gehad nie.

. . . ter wille van die woord van God, en vir die getuienis wat hulle gehad het:

244 Die Jode! En Hitler het hulle gehaat, en Eichmann ook, en so ook Stalin, die hele res van die wêreld. Sien? Maar hulle het getrou gebly aan wat hulle geglo het. En hulle het hulle doodgemaak omdat hulle Jode was.

245 Het julle geweet Martin Luther het ook soort van daardie selfde idee gehad? Dis die waarheid. Hy het gesê: "Daar moet met al die Jode weggedoen word. Hulle is antichris." Sien? Maar hy was net onder 'n ander bedeling, en het dit nie gesien nie, het nie die Woord gesien nie.

246 Nou kom die Woord, Waarheid, na vore. Hoe gaan jy Israel ooit wegverblind? Jy kan dit nie doen nie. Nee.

247 O, hoe kon daardie profeet daarbo staan, daardie dag, en sê: "Jy lyk soos 'n eenhoring, Israel"? Toe hulle vir hom die slegste dele daarvan probeer wys het! Hy het gesê: "Wel," hy het gesê: "wie ook al jou seën, sal geseënd wees, en wie ook al jou vervloek, sal vervloek wees." Dis reg. O, man! Hoe gaan jy dit doen?

248 Eenkeer het hulle gedink God sal vergeet, toe die profeet daardie donker ding vir die Jode sien kom het. Daardie man wat daar gestaan het, en die Woord van God vir hom uitgegiet. Hy het gesê: "O Here, gaan U U volk versaak?"

Hy het gesê: "Wat is dit wat daar by jou lê?"

Hy sê: "'n Maatstok."

249 Het gesê: "Hoe hoog is dit na die Hemel toe? Meet dit." Uh-huh. "Hoe diep is die see?"

Hy het gesê: "Ek kan dit nie doen nie."

250 Hy het gesê: "Ek kan ook nie, Ek kan ook nooit vir Israel vergeet nie." Nee, meneer. Hy gaan haar nie vergeet nie.

251 Hy moes Sy Eie kind verblind. Nou, dink daaraan. Sy Eie kind verblind, om ons 'n kans te gee, en ons wys Dit van die hand. Nou, laat dit jou nie omtrent so klein voel dat jy onder 'n betonblok kan inkruip met 'n tien-gelling hoed op, en dit nie naastenby raak nie? Dis nogal klein, weet julle. O, goeiste! Ja.

252 "Hulle het vasgehou aan die Woord van God." Hulle was Jode. Hulle het hulle wette gehad; hulle het daarby gebly. Onthou

nou gisteraand? Sien? Hulle het daarby gebly. En hulle was Jode, en hulle het die wet gehad. En die wet was die Woord van God, en hulle het reg daarby gebly. Dis reg. "En vir die getuienis wat hulle gehad het, is hulle tot martelare gemaak." En hier was siele onder die altaar, nadat die Kerk al weg was.

253 Nou kyk. Hulle het, in hulle blindheid, hulle Messias tot martelaar gemaak, en nou het hulle die vrugte daarvan gepluk. Hulle het dit besef. Hulle het dit herken, nadat dit voortgegaan het. Hulle het Hom toe gesien, toe hulle voor die altaar van God gekom het. Maar nou is die genade van God vir hulle.

254 Kyk. Nou, hulle kon, op geen manier, heiliges wees nie, want hulle sou reeds bekleed gewees het. Maar hier is hulle nou, net "siele onder die altaar, ter wille van die Woord van God, en die getuienis wat hulle gehad het," as synde God se volk, die Jode.

255 Maar nou, kyk, die genade van God kom na hulle toe. En Jesus gee vir hulle, elkeen, 'n wit kleed, (o, goeiste, kyk; ver verby, nadat die Kerk weg is), omdat hulle getrou was aan hulle saak. En hulle was verblind, en hulle het dit nie geweet nie. Hulle het dit nie geweet nie. Hulle het presies die rol gespeel wat God vir hulle bestem het om te speel. En hier, hier, kyk Johannes soontoe en sien siele onder die altaar. Nou kyk, hy sien daardie siele. Kyk wat noem hy hulle.

Hulle roep uit: "Here, hoe lank?"

Kyk: "Nog 'n klein tydjie langer." Sien?

256 Laat ons dit kry, soos ons nou regdeur die Skrif afgaan. Hulle besef hulle het hulle Messias vermoor. Sien? En hulle het dit nie geweet nie, maar toe het hulle besef. Hulle is—hulle is vermoor, op hulle beurt, om daarvoor te betaal: vir die verkeerde wat hulle gedoen het. En kyk nou watter ding moes hulle doen! Sien, hulle was skuldig aan moord, so hulle is vermoor. Sien? Hulle het uitgeroep: "Laat Sy Bloed op ons wees!" Sien? Dis reg. En hulle is verblind.

257 Nou, as hulle nie verblind was nie; het God gesê: "Laat hulle alleen. Hulle is nie waardig nie." Maar siende dat hulle deur God verblind was, het Sy genade uitgereik na hulle. Amen! Praat van onbeskryflike genade! En gee elkeen van hulle 'n kleed, want die hele Israel sal gered word, elkeen se naam is geskrywe. Dis reg. Jesus gee vir hulle klere.

258 Soos Josef met sy broers gemaak het; 'n tipe. Kyk, toe Josef daar gestaan het, en toe hy uiteindelik . . . Hy het homself bekendgemaak daar by die altaar, sy eie altaar, in sy paleis, sy troon. Hy het gesê: "Laat almal my verlaat." Sy vrou was daar in die paleis; waar die Bruid sal wees.

259 En hy het vir hulle gesê, hy het gesê: "Ken julle my nie?" Haai, hy praat nou Hebreeus. "Ek is julle broer, Josef." O, goeiste!

Hulle het gesê: "Nou, o, gaan jy ons terugkry."

260 Het gesê: "Wag 'n oomblik. Wag 'n oomblik. God het dit met 'n doel gedoen. Het julle vir my laat uitgooi, ten einde lewens te red." Glorie! Daar het julle dit, presies. Gesê: "Moenie, moenie vir julleself kwaad wees nie." Onthou dat Josef dit gesê het? Gesê: "Moenie vir julleself kwaad wees nie. Alles is nou in orde. Dis alles verby. God het my hierheen gestuur, voor julle uit."

261 Julle weet, die Bybel het gesê hulle sal vir Hom sê, wanneer hulle Hom sien kom, het gesê: "Sê, U is die Messias, dit weet ons. Maar, maar, wat van daardie littekens?" Sien?

262 Hy het gesê: "O, Ek het hulle in die huis van My vriende opgedoen." Vriende?

263 En dan wanneer hulle dit besef, hulle wat oor is, die honderd vier-en-veertigduisend, het die Bybel gesê dat hulle sal afskei, een huis van die ander. En dae neem, net om te huil, en ween, en heen-en-weer oor die vloer loop; sê: "Hoe het ons dit gedoen? Hoe het ons dit gedoen? Wel, ons het ons eie Messias gekruisig." Het gesê, gehuil soos 'n huis sou oor sy eniggebore seun: "Hoe het ons dit gedoen?"

264 Daardie Jode, hulle is—hulle is die godsdienstigste mense in die wêreld; God se uitverkorenes. Maar Hy het hulle verblind, om ons te neem, en ons wys Dit van die hand. Wat is die oordeel van die Heidense kerk nie! Daar het julle dit. Sien? Doelbewus verblind, deur God, sodat Hy ons kon kry, 'n Bruid vir Jesus. Neem hulle uit die . . . Sien? En het die vooraf getipeer, en alles.

265 Nou sien julle wie die siele is? Hulle is nie die heiliges wat tot martelaar gemaak is nie. Hulle is alreeds weg. Dis reg. Let op, hulle was, hulle was alreeds weg. Sien?

266 So, daar word vir hulle klere gegee, vir elkeen van hulle. En nou wil ek hê julle moet oplet. Maar nou buig God se genade neer na hulle. Jesus gee vir hulle elkeen wit klere, soos Josef gedoen het, sy genade vir sy broers.

267 Nou kyk. Hoewel hulle ook van Josef ontslae probeer raak het, maar sy genade het steeds uitgereik na hulle. Sien? "O, dis in orde. Dis in orde. Julle het nie bedoel om dit te doen nie. Maar, sien, dit was God wat dit gedoen het. Sien? God het julle almal dit laat doen, sodat Hy my kon uitdryf, en my hiernatoe bring, sodat ek lewens kon red vir mense, hierdie Heidene hier, waaronder ek my vrou gekry het. Ek sou geen vrou gehad het, as—as ek daarbo gebly het nie. Nou, ek is lief vir my vrou. Sy het hierdie kinders vir my hier gekry." En het gesê: "Ek—ek . . . En nou—nou kom ek julle almal kry. Nou gaan dit met julle almal ook goed gaan. Ek gaan julle hiernatoe bring. Ons gaan almal saam woon, as een groot familie." Sien? Sien? Sien? Het gesê: "Een ding wil ek julle vra. Lewe my ou vader nog?" O!

268 En hou hom dop, wat hy aan klein Benjamin gedoen het, wat 'n tipe is van die honderd vier-en-veertigduisend, soos ons later sal uitvind. Sien julle wat hy gedoen het? Hy het net vinnig na

Benjamin toe gehardloop, hom om die nek geval en hom begin omhels. Sy klein broertjie wat in die familie gebore is nadat hy al weg was, sien; deur sy moeder, die eerste kerk, die Ortodokse kerk. Die honderd vier-en-veertigduisend is in Sy afwesigheid gebore, terwyl Hy weg was om Sy Heidense Bruid te kry. O, goeiste! Doen dit nie net iets aan jou nie! Daar is dit. So sien julle wie hulle is? Daar is hulle.

269 Let nou op, alhoewel hulle probeer het om van Josef ontslae te raak, het sy genade na hulle toe uitgereik.

270 Hoewel hulle van Jesus probeer ontslae raak het, kom Hy nogtans weer reguit terug, omdat hulle blind was, en gee vir hulle, elkeen, 'n wit kleed. Hy gaan hulle sommer saamneem, huis toe, in elk geval. Maak glad geen verskil nie, want Hy het klaar gesê: "Ek sal hulle, in elk geval, almal red." Sien?

Nou vers 10. Let op, hulle het om "wraak" geroep. Sien?

271 Nou, as dit die Bruid was, sou dit soos Stéfanus s'n gewees het: "Vader, vergeef hulle," julle weet. Sien?

272 Maar dié is Jode wat pas ingekom het, sien. Hulle het om "wraak" geroep. Let weer op, sien, Hy het weer gesê . . . Let op, dis nie . . . Hy het gesê: "Dis julle broers," die Jode. Die honderd . . . Nou hulle wou wraak hê. Hulle het gesê: "O, ons gaan . . . Ons, ons wil hê U moet ons wreek daaronder."

273 Hy het gesê: "Net 'n klein tydjie, nou, net 'n klein tydjie." Want, let op, laat ek dit hier lees. Dis in die—die 10de vers. Goed.

En hulle het met 'n groot stem uitgeroep, en gesê, Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?

En aan *elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê, dat hulle nog 'n klein tydjie,* sien, (wat?) *'n klein tydjie moes rus, totdat ook hulle medediensknegte . . .*

274 Sien? Nou wat is dit? Die profete preek nou vir Israel. Sien?

. . . tot *ook* julle *medediensknegte* . . . julle *medediensknegte* en ook julle *broeders, wat nog gedood sou word . . .*

275 Sien, diegene voorbestemd om so mee gedoen te word. Sien julle?

. . . gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.

276 Sien, met ander woorde, dis vir hulle voorbestem. Dis die Skrifte, dat hulle dit moet doen. "En rus net vir 'n klein tydjie. Julle het nou julle klere; julle gaan huis toe; en sit net daar vir 'n klein tydjie, sien, wag net 'n bietjie."

277 Let nou op. Let nou op: "Julle broers." "Julle broers moes nog doodgemaak word," wat beteken die honderd vier-en-veertigduisend wat nog in die Verdrukking geroep moes word. En die honderd vier-en-veertigduisend wat geroepe is.

278 Wens ons het tyd gehad. Ons kan dalk môre-aand daarby uitkom, as die Here wil, ons . . . net voor ons by die ander Seël uitkom. Sien?

279 Ook, nou kyk, hulle moet tot martelare gemaak word deur die antichris. Ons het pas daardeur gegaan; en let op, op sy laaste rit, waar hy daardie verbond breek—breek met die Jode daaronder. En daar gaan sy. Sien?

280 Hierdie Jode, die honderd vier-en-veertigduisend, moet uitgeroep word deur die twee getuies van Openbaring 11. Nou, julle onthou, hulle sou profeteer.

281 Julle het dit gelees. Hoeveel het dit gelees? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik, ons almal, wat die Skrif lees, is daarmee bekend.

282 En hulle profeteer, hierdie twee getuies profeteer, in die tyd van Daniël se tweede helfte van die sewentig week. Dit is die laaste drie-en-'n-half jaar.

283 Onthou julle hoe ons Daniël se sewentig week geneem het? Ek het gesê ons sou dit nodig kry wanneer ons hierby uitkom. Ek het nie geweet waarom nie, maar ek het net . . . Iets het vir my gesê ons sou dit nodig kry, en hier is ons. Ja. Sien?

284 Let op, in die tyd van Daniël. Nou onthou, vir Daniël is gesê dat: "Die Messias sou kom," die prins: "die Messias," liewer: "en Hy sou profeteer. Israel het nog sewentig weke oorgehad. En in die middel van die sewentig weke, sou die Messias afgesny word, en die daaglikse offerande weggeneem word." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "Maar daar was nog drie-en-'n-half, weke bepaal."

In hierdie blok, neem Hy die Heidense Bruid.

285 Nou, Sy gaan op. En wanneer Sy opgaan, staan twee profete vir Israel op. Sien?

286 En daardie siele wat martelare gemaak is, nou, reg hierdeur, regte, ware Jode reg daardeur; wat hulle naam op die Boek gehad het, wat die regte lewe geleef en die regte ding gedoen het, Judaïsme tot die letter geleef het. Hulle, hulle is tot martelare gemaak deur Eichmann en baie ander. Eerlike mense, miljoene van hulle daaronder! En daardie Duitsers het hulle doodgeskiet, en hulle vermoor, en hulle doodgemaak, en hulle oor heinings laat hang, en hulle uitgebrand, en hulle veras, en wat nog. Daardie bloedlose, of bloeddorstige, honger Hitler, en Stalin, en Mussolini, en al daardie mense wat daardie Jode gehaat het!

287 Ek dink dis die een van—een van die dinge wat hierdie nasie bymekaar hou, want hulle het die Jood altyd gerespekteer, dis reg, hom 'n plek gegee. Eer jy die Jood, en God sal jou eer.

288 Nou, daar's 'n klomp Jode wat skurke is, net soos daar sulke Heidene is.

289 Maar die regte Jood, God het sy naam in die Boek geplaas voor die grondlegging van die wêreld. En hier was hy, uitgemoor in hierdie tyd. En onthou, dink nou daaraan, hoe perfek dit is. Net na daardie miljoene Jode in die slagting, onskuldige mense, deur die nasies van die wêreld; hier sê die Skrif, hier in hierdie tyd, dat hulle elkeen onder die altaar is, besef wat gebeur het, en hulle is wit klere gegee.

290 En hulle het gesê: "Wel, waarom? Kan ons nou maar teruggaan na die koninkryk toe?" Die Joodse koninkryk moet op die aarde gesetel wees, julle weet. Johannes het gesê die koninkryk sou daar, sien, gesetel wees.

Nou, dit is die Koninkryk van die Evangelie, julle sien.

291 Maar die koninkryk van die Jode sal deur hierdie—hierdie twee profete verkondig word, so let op die—die—die koninkryk van die aarde hier.

292 "Die Koninkryk van die Hemel word verkondig," . . . deur die Jode, of aan . . . ek bedoel: "aan die Heidene."

293 Die koninkryk van hier op die aarde, moet gevestig word in die Millennium, na, die Millennium vir die Jode.

294 Nou let op. Let dit nou op, hier, terwyl hulle—terwyl hulle preek, sien.

295 Voor hierdie—hierdie profete nog op die toneel verskyn; hierdie Jode wat onder Eichmann-hulle moes sterf word, elkeen van hulle wat voorbestem is, word (uit genade) 'n wit kleed gegee. Elkeen van hulle word 'n wit kleed gegee. Let op.

Nou wat gebeur? Sodra dit plaasvind . . .

296 Ek hou daardie horlosie daaragter dop, en ek weet ons—ons raak laat. Maar ek wil nie . . . Sien, ek—ek . . . Daardie . . . merk daardie arme kêrels op wat daar staan. God help julle, broers. Ek hoop elkeen van julle word op daardie dag 'n wit kleed gegee, sien. Staan, verander heen-en-weer, met bene wat pyn. En party van julle het heeldag gewerk. Ek weet wat dit is. En kyk hier . . . En party arme ou vroutjies wat staan. Ek merk op party van hierdie mans gee die vroue hulle sitplekke; en iemand anders gee, 'n arme moedertjie met 'n baba. En ek—ek—ek—ek sien dit alles, sien, en ek is seker Hy ook. Let op. Maar ek wil julle nie te lank hou nie. As ek julle net die Boodskap kan laat sien, dis al wat ek wil hê julle moet doen, sien.

297 Nou let op hierdie Jode. Ek moet dit doen, ten einde julle die openbaring van hierdie Seël te laat sien; te laat sien wat dit is, hierdie siele onder die altaar, en wie hulle is. Nou let op.

298 In die tyd van Daniël, nou, die tweede helfte van die sewentigste week. Nou onthou: "Messias is afgesny in die middel." Dis die middel. Wel, wat is die helfte van sewe? [Gemeente sê: "Drie-en-'n-half."—Red.] Drie-en-'n-half. Hoe lank het Christus gepreek? ["Drie-en-'n-half."] Dis reg. Nou:

"Maar daar is nog bestem, vir die mense," (wat?) "nog drie-en-'n-half jaar."

299 Wel, gedurende hierdie tyd, wel, sien, wat gebeur, is, die Heidense Bruid word gekies in die sewe kerkeeue, en gaan op.

300 En wanneer dit so gebeur, al hierdie Jode wat tot martelare gemaak is daarlangs weens blindheid, wat onder die altaar lê, kom God nader en sê: "Sien julle wat dit was? Ek gee nou vir elkeen van julle 'n kleed."

Hulle het gesê: "Hoe lank nog, Here? Gaan ons nou in?"

301 Het gesê: "Nee, nee, nee, nee. Julle medemense, die Jode, moet nog 'n klein bietjie ly. Hulle moet tot martelare gemaak word soos julle martelare gemaak is. Die dier moet hulle kry wanneer hy sy verbond breek."

302 Let nou op. En let nou op, eenkeer . . . Onthou nou net, hierdie profete moet profeteer volgens Openbaring 11. Julle, julle het julle hande opgesteek, dat julle dit gelees het. Sien? En hulle word mag gegee.

303 En ons gaan uitvind wie hulle is, binne 'n oomblik, as die Here wil. Nou let op wie hierdie profete is. En nou die Bybel sê dit hier. Sekerlik, Hy doen dit. Sekerlik! Sien?

304 Nou, let op, in die middel van hierdie, drie-en-'n-half weke nou, waarin hulle hieronder profeteer en die—die Openbaring hier gesê het . . . En hulle—hulle het 'n duisend tweehonderd-en-sestig dae lank geprofeteer. As . . .

305 Nou, die normale Joodse kalender, die normale tyd van God se kalender, is presies dertig dae in 'n maand. Die Romeinse kalender, wat dit deurmekaar gemaak het. Die normale kalender is dertig dae in 'n maand.

306 Nou, as jy dertig dae sou neem, en drie-en-'n-half jaar daarby tel, en sien 'n dertig dae, en, wel, wat kry jy? Eenduisend driehonderd-en- . . . of tweehonderd-en-sestig dae. "Eenduisend tweehonderd-en-sestig dae, (sestig dae)," presies drie-en-'n-half jaar.

307 Nou, julle sien, daar's geen fout daarmee nie. Daar is dit, pas net in soos 'n—'n swaelstert wat bymekaar kom. Let op, daardie twee profete het vir drie-en-'n-half jaar gepreek, vir die Jode. Daartydens, word die honderd vier-en-veertigduisend uitgeroep.

308 En dan, let op, hierdie twee profete is presies Moses en Elía. Sien? Sien? Nou kyk, kyk, hulle . . . Kyk na hulle bediening. Hou nou dop wat hierdie profete doen. "Hulle het mag om die aarde te tref met 'n plaag, so dikwels as hulle wil." Wie het dit gedoen? Moses. "Hulle het mag om die hemele te sluit, en daar val geen reën in die dae van hulle bediening nie." Wie het die hemele vir drie-en-'n-half jaar gesluit? [Gemeente sê: "Elía."—Red.] Daar is hulle. Dis hulle. Sien, dis . . .

309 Sien, die mens, wanneer hy sterf, verander hy nie sy status nie. Hy verander nie sy geaardheid nie, sien. Kyk, toe—toe, tevore . . .

310 Toe Saul teruggeval het, en daar geen profete in die land was nie, kon hy nie verstaan wat om te doen—wat om te doen nie. Hy het daarvoor te staan gekom. Hy moes gaan veg. Hy het na die heks van Endor toe gegaan.

311 Nou, net met die bloed van stiere en bokke, kon sy dit doen. En sy het die gees van Samuel opgeroep.

312 En toe Samuel te voorskyn gekom het, daar het hy gestaan, in sy profete-mantel. Nie net dit nie, maar hy was steeds 'n profeet. Het gesê: "Waarom het jy my uit my rus uitgeroep," sien, hy het gesê: "siende dat jy 'n vyand van God geword het?" Hy het gesê: "Teen hierdie tyd, môre-aand, gaan jy in die geveg omkom. En dié tyd, môre-aand, sal jy by my wees." En dis presies wat gebeur het. Sien? Nie net . . . Hy was steeds 'n profeet. Sien?

313 En hierdie kêrels is steeds profete. Nou gaan ons ons 'n bietjie daarin verdiep, binne 'n paar minute, as die Here wil. Sien?

314 O, goeiste, hoe lief het ek daardie Woord! Geen wonder: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie. Elke Woord wat uit die mond van God uitgaan!"

315 Hierdie twee profete is Moses en Elía, volgens die herhaling van die patroon van hulle werke. Dit, dit was altyd hulle bediening gewees. Nou let op, net soos hulle gemaak het. Dit het hulle nie verander nie. Onthou, hierdie kêrels het nooit gesterf nie. Hou dop vir net 'n . . .

316 Nou, moenie verwar nie, voor ons hiervan afstap. Moenie Elía se vyfde-keer bediening met sy vierde-keer bediening verwar nie. Ek het vir julle gesê, die Heidense Kerk is op die uitkyk vir Elía. Reg.

317 En hier is hy hier by die Jode. Onthou, hy kan nie vier keer kom nie; dis—dis die vyand se getal. Hy moet vyf wees.

318 Die eerste keer wat hy gekom het, was hy Elía, self. Volgende keer wat hy gekom het, was hy Elisa. Volgende keer wat hy gekom het, was hy (wat?) Johannes die Doper. Die volgende keer wat hy kom, is vir die sewende engel. En die vyfde keer wat hy kom, is hy saam met Moses daar oorkant, om vir hulle te preek. Sekerlik. Ja, meneer. Moet hom nie verwar nie. Uh-huh.

319 Vyf, as jy jou—jou getalle van die Bybel ken, vyf is die getal van werkende genade. En dis wat Hy gedoen het. Nou, kyk, julle wil weet waar dit is. Was Jesus 'n werking van genade? J-e-s-u-s, vyf, a-r-b-e-i. Is dit reg? Arbei, uit—uit liefde vir jou. En as jy na Hom gaan, hoe kom jy, deur wat? A-r-b-e-i in g-e-l-o-o-f. Is dit reg? Arbei is die getal van genade, nou goed, vir die gelowiges.

320 Let op, die eerste Elía, dit was hy. Die tweede was Elisa. Die derde was Johannes. Die vierde was die sewende engel,

of die laaste boodskapper aan die Kerk, volgens Maleági 4 en Openbaring 10:7. Nou, die vyfde keer, is hy 'n boodskapper aan die Jode, aan die honderd vier-en-veertigduisend, aan die Jode, nadat die Kerk weg is.

321 Ek—ek—ek voel so 'n bietjie snaaks, sien. Sien? Kyk, as party dink . . . Ek wil hê julle moet dit nou begryp, sien. As sommige steeds dink dat Maleági 4, om die mense "terug te bring," dieselfde ding is wat hy daaronder vir die Jode gaan doen, en dink dis alles dieselfde, laat ek dit net vir julle duidelik maak, net 'n oomblik. Sien, dit sou 'n bietjie verwarrend wees. Want, onthou, in Maleági 4, word gesê: "Bring die Geloof van die vaders . . . of die kinders terug na die vader." Sien, terug na die vader!

322 Nou laat ek vir julle die verskil in die bediening wys. As hy kom om die Geloof van die kinders terug te bring na die vaders, sou hy Christus ontken. Hy sou teruggaan na die wet. Dit reg? Die vaders het die wet onderhou. Het julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

323 Let op, wanneer Elisa, wanneer hy kom om sy bediening in Maleági 4 te vervul, sien, as Maleági 4, was Elía alleen.

324 Maar wanneer hy kom om die Jode te bedien, in Openbaring 11, het hy vir Moses by hom. [Broer Branham klap sy hande twee keer—Red.] So, daar's geen verwarring nie, niks nie. Sien? Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen."]

325 Wanneer Elisa kom, van Maleági 4, is hy alleen. Elía sal verskyn; nie Elía en Moses nie. "Elía" sal opstaan. Maar dieselfde inspirasie, wat, gesê het Elía sal kom vir die laaste deel van die kerkeeu: "om die Geloof van die kinders na die oorspronklike Geloof van die vaders terug te bring," die apostoliese Geloof, wat julle veronderstel is om na toe terug te keer. En die antichris het hulle almal laat uittrek. "Om terug te bring," soos die hele res van die Skrifte saamgevoeg het. Sien, hy kom alleen. Sien?

326 Maar wanneer hy na die Kerk toe kom, die Bybel . . . of na die honderd vier-en-veertigduisend toe kom, verklaar die Bybel duidelik dat beide hy . . . Daar is twee van hulle, nie een van hulle nie. Twee van hulle! En sy eerste bediening kon nie die Jode neem en hulle op die wet terugplaas nie, word hy . . . want hy kom, om Christus te verkondig aan die honderd vier-en-veertigduisend, amen: "Daar is Hy, daardie Messias, wat afgesny is." Amen! So is dit, so moet dit nie verwar nie. Daar's nie verwarring nie. Die Skrif lieg nie, glad nie.

327 Glorie! O, toe ek dit gesien het, het ek opgespring! Ek het gesê: "Dankie, Here," toe ek dit daar sien gebeur het. Daardie Elía daar gesien uitstap vir daardie eerste eeu, alleen, en hy was alleen. Toe, toe ek hom weer sien kom het, daar ver na êrens anders toe, was daar twee van hulle daar toe dit plaasgevind het. Het gesê: "Daar is dit. Dit, dit beslis dit, Here. Amen! Ek sien dit nou! Halleluja!" Dis presies.

328 As ek dit nie genoem het nie, kon dit vir iemand 'n bietjie verwarrend gewees het. Maar Hy—Hy het vir my gesê om dit te noem, so ek het.

329 Let op, hierdie mense word deur God aan die lewe gehou, na hulle oorspronklike bediening, vir toekomstige diens; hulle het dit so goed gedien. Sien? Dink net, daardie gees van Elía bedien vyf keer, Moses, twee. Wat? Hou lewend vir verdere, toekomstige diens.

330 Hulle was nou nie een van hulle dood nie; moet dit nie glo nie. Hulle is albei lewendig gesien, besig om met Jesus te praat op die Berg van Verheerliking. Maar, onthou, hulle moet sterf.

331 Nou, nou, Moses het werklik gesterf. Maar hy het opgestaan, want hy was 'n volmaakte tipe van Christus. Sien? Niemand het ooit geweet waar hy begrawe is nie. Die Engele het hom kom wegneem. Sien? Hy het Engele as draers gehad. Uh-huh. Waarom? Geen sterflike mens kon hom dra na waar hy gegaan het nie. Hy het net 'n rol gespeel, dis al. Hy het Engele, as draers, gehad, sien, want Hulle het hom geneem na waar hy veronderstel was om te wees. Niemand weet nie.

332 Selfs tot Satan, het nie eens geweet nie. Hy het met die Aartsengel gestry. Dis reg. Hy kon nie verstaan wat met Moses gebeur het nie. "Ek het hom daar sien bewe. En uitkyk oor die land, en terugkyk na die kinders, ensovoorts, ek het hom sien bewe. Maar hy het bo-op die Rots geklim, en dit was die laaste keer wat ek hom gesien het."

333 Dis die Rots! Dis die Rots! Laat my op daardie Rots staan, aan die einde van my pad! Ja, meneer! Nou, die . . . My gekleurde broers het altyd hiernatoe gekom en 'n liedjie gesing: "As ek kon, sou ek beslis wou staan op dié Rots waar Moses staan." Ja, meneer! O, dis die Rots waarop ek ook graag wil staan. Deur geloof staan ek daar.

334 Maar onthou, Elía, hy het sommer net moeg geword, want hy het 'n klomp werk gehad wat nog op hom gewag het. [Broer Branham bly 'n oomblik stil. Gemeente lag—Red.] So hy was behoorlik gedaan, en God het sommer vir hom 'n geleentheid Huis toe gestuur, dis reg, het 'n strydwa gestuur. Is dit reg? ["Amen."] Het hom opgeneem. Hy het nooit gesterf nie, want Hy het hom aan die lewe gehou. Hy het 'n toekomstige werk vir hom gehad. Het hom ook 'n man laat salf, sien, om uit te gaan in sy Gees.

335 Maar hulle moet die dood smaak. Nou Openbaring, die 11de hoofstuk. Nou, laat ons blaai, ek is in elk geval sommer hier. Laat ons net daaraan raak, Openbaring 11. Hou dop en kyk of hulle nie albei doodgemaak word nie. Ja, meneer. Hulle moet albei die dood smaak. Ja, meneer. Nadat hulle bediening klaar is, smaak hulle die dood. Openbaring 11, en kom ons begin by 7.

En wanneer hulle . . . hulle getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgronde *opkom . . . teen hulle oorlog maak, . . .*

336 O, goeiste, hy kan dit nie verdra nie; daardie holy-rollers is weer terug, sien. Goed. Goed.

. . . uit die afgrond . . . teen hulle oorlog maak*, en hulle oorwin, en hulle doodmaak.*

337 Maar kyk wat gebeur. Hulle word nou volmaak getipeer.

en hulle lyke sal lê op die straat—op die straat van daardie *groot stad, . . . geestelik . . . genoem Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is,* (Jerusalem, sien).

338 Nou hulle moet die dood smaak, (moet hulle nie?) dis reg, nadat hulle bediening klaar is.

339 Waarom? Die sewende engel se bediening, die sewende engel se bediening, Elía se bediening aan die sewende engel, nie . . . Waarom nie, waarom kon, liewer, probeer ek sê, die sewende engel se bediening dan nie deur Moses wees, as hy dan onsterflik is, net soos dit deur Elía kon wees nie? Hoekom het hulle nie . . . Hoekom het God nie net gestuur, gesê: "Elía, jy—jy het alreeds so hard gewerk, Ek . . . en alles, op al hierdie verskillende plekke. Ek—Ek dink Ek stuur sommer net vir Moses af" nie? Waarom?

340 Kyk na Moses se bediening. Elía was 'n profeet vir alle nasies; maar Moses was 'n wetgewer vir die Jode alleen. Amen. Moses is daar om te sê . . . Die rede waarom hy saam met Elía gekom het . . . Daardie Jode sê: "Wag, ons onderhou steeds die wet hier." Maar hier staan Moses self; en hier staan Elía by hom. O! Sien? Hy kom slegs na die Jode toe. Sien? Moses het slegs na die Jood toe gegaan; die profeet Elía was vir alle nasies. Maar Moses word 'n profeet vir die Jode, en 'n wetgewer. Sien? Dit was sy boodskap, die wet.

341 Maar wat was Elía se boodskap? Aan vroue met kortgeknipte hare; denominasies. Ja, meneer. En hy het hulle regtig uitmekaar uit geskeur. Geverfde gesigte; het vir hulle gesê: "Julle gaan vir die honde gevoer word." Hy het sommer regtig in hulle ingevaar.

342 En toe, toe sy Gees op Johannes gekom het, het hy reguit uit die wildernis uitgestap en dieselfde ding gedoen. Reg. Het gesê: "Moet julle nie dink dat ons *hieraan* of *daaraan* behoort nie. God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek."

343 Het na Herodias toe geloop, gesê: "En wil jy vir my sê dat jy met jou eie swaer getrou het . . . ?" Het gesê: "Dis nie wettig wat jy gedoen het nie!" O, broer! Sjoe! Hum! Hy het haar vertel. Beslis.

344 Let op, hierdie siele moet 'n klein tydjie wag, vir die honderd vier-en-veertig . . . om tot martelaar gemaak te word. O, is dit nie, is dit . . . ? Dit bring sommer die Bybel bymekaar.

345 Nou is my tyd net mooi op, as ek vroeg laat uitkom. Maar ek het net nog 'n paar dingetjies om te sê, as julle dit kan uithou. [Gemeente sê: "Gaan voort!"—Red.] Ek weet dis warm. En ek sweet.

346 Maar, luister, ek het net iets om vir julle te sê. Dis net so goed, dit brand net so, hier in my hart. Ek hoop julle het dit nie vergeet nie, sien. Laat ek dit sê, in die teenwoordigheid van Hom. Deur Sy genade, het Hy my ook my mense laat sien, nie lank gelede nie, in wit klere. Onthou julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Onthou? Onthou julle die storie, nie lank gelede nie? ["Amen."] Die Heidense Bruid, hulle is nou daar. Hulle was almal in wit klere.

347 Ek het wakker geword. Ek was op 'n byeenkoms. Dit was omtrent 'n jaar gelede, 'n bietjie langer. Ek het een oggend wakker geword, en ek het regop gesit. En ek het gesê: "Skat?" vir my vrou. Sy het nie beweeg nie. Die kinders omtrent . . . Moes opstaan en hulle skool toe vat, reg hier by die ou plek. Wel, ek—ek het regop gesit in die bed, julle weet, en teruggeleun. Julle weet hoe; sit orent en leun net jou kop so terug teen die koppenent. Ons het een van die outydse beddens. En so het ek net *so* teruggeleun.

348 En ek het gedink: "Man, jy is alreeds drie-en-vyftig. As jy enigiets vir God gaan doen, moet jy liewer aan die gang kom, want jy gaan te—te oud wees, oor 'n rukkie." Sien.

349 En ek het gedink: "Weet jy, dis nogal reg, nou." Ek het gedink: "Man, jy weet, ek is nie baie ver daarvandaan nie. Ek moet binnekort gaan." Ek het gesê: "Dis—dis 'n jaar ouer as wat my pa geleef het." Sien? Ek het gedink: "Ek moet binnekort weggaan. Ek het dit gesien. En, hier, het ek nog niks vir God gedoen nie." Ek het gedink: "Ek wou altyd iets vir Hom doen." Ek het gedink: "Ek moet opskud en dit doen, as ek dit gaan doen. En ek weet nie hoe ek dit gaan doen nie, dis al."

350 Ek het gedink: "Man, ek hoop ek leef om Hom te sien kom. Ek wil nie 'n spook, of 'n gees wees nie."

351 Sien, ek was altyd bang vir 'n gees. En nou, weet julle, daardie soort van 'n . . . Ek het altyd gedink, soos as ek Broer Neville sou ontmoet en hy sou 'n klein wit wolkie wees wat rondbeweeg, julle weet. En ek sou sê: "Hello, Broer Neville." En hy sou sê: "Hello, Broer Branham," met een of ander ander sintuig; hy sou nie kon praat nie. Maar ek sou net weet dis Broer Neville. Ja. Ek sou sy hand wou skud soos ek altyd maak. Want, dis al wat ek ken, is menslike wesens. Sien, ek sou sy hand wou skud, maar hy het geen hand nie. Dis daaronder in die graf, weggevrot. Sien?

352 Ek het gedink: "Goeiste, ek hoop ek hoef nie daardeur te gaan nie." Nou, ek was . . . Nou gaan ek julle die waarheid vertel. Ek—ek was bang om dood te gaan; nie bang ek sou verlore wees nie, maar ek wou nie 'n gees wees nie. Ek wou net 'n mens bly. Ek

wou vir die Wegraping wag, sien. Ek wou net so bly. Ek wou nie 'n gees wees, wat rondgaan nie. Ek het so daaraan gelê en dink.

353 En, ewe skielik, het daar iets gebeur. [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.]

354 Nou, julle weet van, en almal van julle is bekend, met die visioene. En as dit 'n visioen was, het ek nog nooit so een gehad nie, sien. En ek het hulle gehad, vandat ek 'n klein seuntjie was.

355 En, ewe skielik, het iets gebeur. En ek het myself voel weggaan. Ek het gedink: "Uh-oh." En ek—ek het gedink: "Ek—ek het reeds gesterf, sien, en ek het—ek het heengegaan." Sien?

356 En ek het by 'n plek aangekom, en ek het gedink: "Ek dink ek sal omkyk." Dit was net so werklik, vriende, as wat ek net hier staan. Sien? En ek het omgedraai, om terug te kyk. En daar het ek op die bed gelê. En ek het uitgestrek, langs my vrou gelê.

357 Ek het gedink: "Wel, dit was waarskynlik 'n hartaanval." Sien? Ek het gedink: "Wel, sien, ek het net oombliklik gesterf," wat 'n goeie manier sou wees om te gaan. So, ek het gedink: "Dis 'n hartaanval. Ek het nie nodig gehad om te ly nie." Ek het gekyk, en ek het gedink: "Wel, dis nou eienaardig. Daar lê ek, net daar; en hier staan ek, hier."

358 Toe het ek omgedraai. Dit het gelyk na 'n yslike groot—na 'n yslike groot veld, soos, of iets, sommer 'n groot uitgebreide veld blougras. En—en ek het gesê: "Wel, ek wonder wat is dit?"

359 En, ewe skielik, soos ek gekyk het, kom hier duisende maal duisende jong vroue, almal in wit klere, hare wat afhang tot by hulle middel, kaalvoet, en hulle het reguit na my toe aangehardloop gekom. Ek het gedink: "Nou wat is dit?"

360 Ek het omgedraai, teruggekyk *daarheen*, en daar was ek; en het *hiernatoe* gekyk, daar het hulle aangekom. Ek het my vinger gebyt. "Ek—ek—ek—ek is nie eintlik aan die slaap nie." Maar, ek kon voel. En ek het gesê: "Wel, dan, iets eienaardigs hier."

361 En hierdie vroue kom almal, aangehardloop. En ek het nog nooit sulke mooi vroue gesien nie! En hulle kom almal na my toe aangehardloop. En toe hulle na my toe hardloop . . .

362 Julle weet hoe ek was, soort van . . . Hulle noem my 'n vrouehater, maar ek is nie, sien. Maar, ek—ek dink net, 'n goeie vrou is een van die . . . is 'n juweel. Maar, ek dink, een wat nie goed is nie, is, soos Salomo sê: "water in jou bloed." So ek dink sekerlik niks van—van vroue met 'n reputasie of wysneuse nie.

363 En toe het al hierdie vroue gekom. Hulle het hulle arm om my begin gooi. Nou, dis ongewoon. Julle weet ek sou dit nie verdra nie. So, en hulle was . . . Nou, ek sal dit op 'n manier moet sê, wat, ek's—ek's in 'n gemengde gehoor. Maar, hulle was, hulle was vroue. Hulle was vrou. En hulle—hulle het my omhels, elkeen, en gesê: "Ons—ons dierbare broer!" En een sou my omhels, en dan sou die ander een my omhels.

364 Ek het daar gestaan, en kyk. Ek het gedink: "Wel, nou, wat is dit?" Sien? En hulle het daar gestaan. Ek het gedink: "Wat het gebeur?" Ek het teruggekyk ondertoe. Daar was ek, het net *daar* gelê; en hier het ek, net *hier* gestaan. Ek het gedink: "Nou, dis snaaks. Ek—ek verstaan dit nie."

365 En daardie vroue roep uit: "O, ons dierbare broer," en omhels my. Nou, hulle was in elke opsig, in gevoel, vroue.

366 Nou vergewe my, susters, as ek hierdie sê, want . . . Maar jy luister na jou dokter; en as ons nie skoon gemoedere het nie, dan is ons nie Christene nie. Ek gee nie om . . .

367 Ek het altyd skoon gelewe. God weet dit. Toe ek 'n klein seuntjie was, het die Engel van die Here vir my gesê om nie my liggaam te besoedel, te rook, of te drink nie. En dit was die waarheid. Deur die genade van God, het ek daarby gehou. Toe ek 'n sondaar was, het ek nie met vroue rondgeloop nie. En so . . .

368 Maar enige man wat 'n vrou in sy arms laat omhels, hy wat opgemaak is uit selle van die manlike, en sy, 'n vroulike, is daar 'n sensasie. Ek gee nie om wie jy is nie, moet nou nie vir my sê jy is nie, as jy 'n gesonde persoon is nie.

369 Maar, nie Daar nie; want julle het nie meer verskillende selle nie. Jy sal nooit Daar sondig nie. Daar was 'n verandering. Daar was niks meer as net 'n broederlike liefde teenoor daardie vroue nie.

370 Alhoewel, in die grasie waarna hulle gekyk het; ek dink, 'n —'n vrou, 'n goeie vrou wat haar reg gedra, en soos 'n dame wandel, sy is 'n—sy is 'n voorbeeld van 'n juweel op aarde. Ek—ek hou van enigiets wat grasieus is. Ek dink, 'n—'n vrou wat haar plek ken, en 'n dame probeer wees, is 'n—is 'n beeld van eer. Ek glo dit wel. En ek dink, een wat nie is nie, dis net soos die—die Christus en die antichris, dieselfde ding.

371 Ek—ek hou van enigiets wat natuurlik is. Soos 'n mooi perd, of enigiets, dit staan net daar as 'n beeld van 'n baie mooi perd. Of, enige so-iets, 'n mooi berg, mooi vroue, mooi mans, enigiets wat staan as skepsel van God, ek het dit nog altyd bewonder.

372 En hulle was volmaak. Maar al het hulle my hoe erg in hulle arms vasgedruk, en hulle was vroue, verstaan julle, maar daar kan nooit enige sonde wees nie. Die manlike kliere en die vroulike kliere, was albei weg. [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.] Dank die Here! Hulle was my susters, volkome.

373 Ek het gekyk. En ek het begin . . . Ek—ek het na my hande gekyk; ek het gesien hulle is almal so jonk. En ek het gekyk; ek was ook jonk. En ek . . .

374 En het my hare verloor, as 'n jongman; karbolsuur daarop gesit, 'n barbier het, en dit alles weggevat toe ek sommer nog 'n seun was. En dit was nog altyd 'n soort van 'n—'n ding vir my, dat ek—ek—ek so gou verkoue kry, omdat my kopvel nogsteeds

sag is, julle weet. En die haarwortels is nog daar, maar dis deur karbolsuur gebrand, en die hare kan nooit weer groei nie, sien.

375 En ek het gegaan, my vrou, toe ek . . . lang jare gelede, en vir my 'n haarstuk gekry om te dra, 'n klein haarstukkie, opgesit, maak my kop toe. Maar ek was altyd skaam om dit te dra, want dit het gelyk na iets vals. En ek wou niks vals hê nie.

376 En so ek het gedink: "Ek sal net 'n wolmus opsit." Toe het ek, vir 'n rukkie. Weet julle wat het hulle toe gedoen? Hulle wou my "biskop" noem, het gesê ek wou wees . . . Sien? Ek het net gesê: "Weg is sy."

377 So ek verduur nou maar net die swaar verkoue, en laat dit . . . Maar, ek . . . julle . . . lig nou net daardie vensters op, of enigiets, dat 'n bietjie lug so dwarsoor kom, man, dan het ek dit.

378 Nou ek het na 'n dokter toe gegaan en vir hom gevra, wat hy dink. Hy het gesê: "Wel, sien, jou—jou porieë is oop. Jy sweet, van die prekery. Daardie lug kom. Dit—dit plaas 'n verkouekiem hierbo in die slymvlies, en dit loop in jou keel af. Die volgende oggend is jy hees. Daar's dit."

379 En—en so, o, goeiste, julle kêrels wat hare het, julle weet nie hoe dankbaar julle moet wees, en om dit te hê nie. Dit is reg. Sien?

380 Wel, nou, toe het ek uitgevind, dat ek—ek gaan . . . Een van die dae, as ek nie my tande kry nie, gaan ek van hulle moet kry, en, so, of anders sonder hulle bly.

381 So as 'n man—as 'n man . . . Wel, ek sou nie dink dit sou erger wees vir 'n man, as hy sou wou, om 'n haarstuk te dra, as wat dit sou wees vir 'n vrou om een van hierdie muise of rotte te dra, of wat hulle ook al so in hulle hare sit, om dit te laat opstaan nie. Sien? Maar—maar, natuurlik, as jy dit doen, hang dit af van waarvoor jy dit doen. Sien? Dit hang af waarvoor jy dit doen. En so . . .

382 Maar, nietemin, het daar gestaan, ek het bo gevoel, en ek het weer my hare gehad. Goeiste! Ek was jonk. En hulle, hulle almal, jonk! En ek het gedink: "Wel, is dit nie eienaardig nie! Hier is hulle." En hulle het almal gehardloop . . .

383 En ek het gekyk, gekom, en ek—ek het Hope sien aankom. Sy het gelyk . . . Julle weet, sy is op twee-en-twintig oorlede. Sy was nog net so mooi soos altyd. Baie van julle onthou haar; daardie groot donker oë. Sy was Duits. Haar swart hare wat teen haar rug afhang. Ek het gedink: "Nou, wanneer sy hier aankom, sal sy sê—sal sy sê: 'Bill.' Ek weet sy sal. Ek weet sy sal sê: 'Bill,' as sy hier aankom."

384 Ek het dopgehou. En elkeen van hierdie vroue het gekom en my omhels, gesê: "O, dierbare broer, ons is so bly om jou te sien!" En ek het gedink . . . Elkeen net eenders aangetrek, maar hulle het verskillende hare gehad, julle weet, rooi hare, en swart hare,

en blonde hare. En—en hulle het verbygekom, maar hulle was almal jonk.

385 En toe sy by my kom, het ek gedink: "Ek gaan net sien wat sy sê."

386 En sy het opgekyk na my, en sy het gesê: "O, ons dierbare broer!" Sy het my omhels, en sy het net voortgegaan. 'n Ander vrou het gekom, my omhels, daarna.

387 En ek het 'n geraas gehoor. En het *hierdie* kant toe gekyk, en hier het 'n klomp mans, jongkêrels, gekom, almal so rondom die ouderdom van twintig. Hulle het donker hare gehad, en blonde hare. En hulle het almal wit klere aangehad, en was kaalvoet. En hulle het na my toe gehardloop en my begin omhels, geroep: "Dierbare broer!"

388 Ek het gedink. En ek het agtertoe omgedraai, en daar het ek, nogsteeds daar gelê. En ek het gedink: "Wel, nou, dit is eienaardig."

389 En net toe het 'n Stem met my begin praat. Ek het die Stem nooit gesien nie. Dit het gesê: "Jy is versamel, jy—jy is versamel by jou mense." En toe het 'n paar mans my opgetel, my ver bo gesit, op 'n groot hoë ding soos *hierdie*.

Ek het gesê: "Hoekom het julle dit gedoen?"

Het gesê: "Op aarde was jy 'n leier."

En ek het gesê: "Wel, ek—ek verstaan dit nie."

390 En daardie Stem wat met my praat. Ek kon nooit die Stem sien nie. Nou, Dit was net bokant my, het met my gepraat.

391 Ek het gesê: "Wel, as ek—as ek heengegaan het, wil ek graag vir Jesus sien." Ek het gesê: "Ek . . . Hy was so . . . Hy was my hele lewe. Ek wil Hom graag sien."

En toe het Hy gesê: "Jy kan Hom nie nou sien nie. Hy is nog hoër."

392 Sien, dit was nog onder die altaar, sien, die sesde plek, waarnatoe mense gaan, sien; nie die sewende, waar God is, sewende dimensie nie. Die sesde!

393 En hulle was—en hulle was almal daar, en hulle het verbygegaan. En ek het gesê . . . Het gelyk of daar eintlik miljoene van hulle is. Ek het hulle nog nooit gesien nie . . . En, toe ek daar gesit het, het hierdie vroue en mans steeds verbygehardloop en my omhels, my "broer" genoem. En ek het daar gesit.

394 En toe het daardie Stem gesê: "Jy is by jou mense versamel, soos Jakob by sy mense versamel is."

Ek het gesê: "Hulle almal, my mense? Is hulle almal Branhams?"

Hy het gesê: "Nee. Hulle is jou bekeerlinge na Christus."

395 Ek het rondgekyk. En daar het 'n baie mooi vrou aangehardloop gekom. Sy het net omtrent dieselfde gelyk. Sy het haar arm om my gegooi, en sy het gesê: "O, my dierbare broer!" Sy het na my gekyk.

396 Ek het gedink: "Goeiste! Sy het soos 'n Engel gelyk." En sy is verby.

En daardie Stem het gesê: "Het jy haar nie herken nie?"

Ek het gesê: "Nee, ek het nie herken nie."

397 Het gesê: "Jy het haar na Christus gelei toe sy al oor die negentig was." Het gesê: "Weet jy waarom sy soveel van jou dink?"

Ek het gesê: "Was daardie mooi meisie oor die negentig?"

398 "Ja." Het gesê: "Sy kan nou nooit weer verander nie." Het gesê: "Dis waarom sy sê: 'Dierbare broer.'"

399 Ek het gedink: "O, goeiste! En ek was bang hiervoor? Wel, hierdie mense is werklik." Hulle, hulle was nêrens heen aan die gaan nie. Hulle was nie moeg, van Daar wees nie.

En ek het gesê: "Wel, waarom kan ek nie vir Jesus sien nie?"

400 Het gesê: "Wel, nou, Hy sal—Hy sal eendag kom. En Hy sal eerste na jou toe kom, en dan sal jy geoordeel word." Het gesê: "Hierdie mense is jou bekeerlinge wat jy gelei het."

401 En ek het gesê: "Bedoel jy, deur 'n leier te wees, dat ek . . . dat Hy my sal oordeel?"

Het gesê: "Ja."

402 En ek het gesê: "Moet elke leier so geoordeel word?"

Het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Wat van Paulus?"

Hy het gesê: "Hy sal met syne geoordeel moet word."

403 "Wel," ek het gesê: "as sy groep ingaan, sal myne ook, want ek het presies dieselfde Woord verkondig." So is dit. Ek het gesê: "Waar hy in Jesus' Naam gedoop het, het ek ook. Ek het gepreek . . ."

404 En miljoene het uitgeskree, ewe skielik, gesê: "Ons rus Daarop!"

405 En ek het gedink: "Goeiste! As ek dit net geweet het voor ek hiernatoe gekom het, sou ek mense hiernatoe laat kom het. Hulle kan nie bekostig om dit mis te loop nie. Wel, kyk hier!" En toe . . .

406 En Hy het gesê: "Nou, eendag sal Hy kom, en dan . . . Nou, hierbinne, eet, drink, of slaap ons nie. Ons is net almal een."

407 Wel, dis nie volmaak nie; dis meer as volmaak. Dis nie hemels nie; dis meer as hemels. Daar is geen naam wat . . . Jy kan nie

dink . . . Daar is geen woorde in die woordeskat om dit te sê nie. Jy het net gearriveer, dis al.

408 En ek het gedink: "Wel, dit, dit sou volmaak wees. En dan wat gaan ons volgende doen?"

409 Het gesê: "Dan, wanneer Jesus kom, en ons is . . . en Hy jou oordeel, of vir jou bediening, dan gaan ons terug aarde toe en neem weer liggame aan." Wel, ek—ek het toe nooit daaroor gedink nie. Dis presies volgens die Skrif. Het gesê: "Dan gaan ons terug aarde toe en neem weer liggame aan, dan eet ons. Ons eet nie hier nie, ons slaap ook nie." Het gesê: "Ons eet daaronder, maar ons gaan terug aarde toe."

410 Ek het gedink: "Goeiste, is dit nie wonderlik nie! O, goeiste! En ek was bang daarvoor. Waarom was ek bang om dood te gaan, om hiernatoe te kom? Wel, dit is volmaaktheid, plus volmaaktheid, plus volmaaktheid. O, dis wonderlik!"

411 Sien, ons was reg onder die altaar. Sien? Dit is wat dit was, sien, reg onder die altaar, gewag vir die Koms, sien, vir Hom om dié te gaan haal wat geslaap het in die . . . die—die liggame wat in die stof slaap, om ons weer op te wek; verbykom, ons opwek.

412 Soos Jesus deur die paradys gekom het, en Abraham, Isak, en hulle almal voortgebring het, julle weet, het op die eerste opstanding gewag. Hulle het die stad binnegegaan en aan baie verskyn.

413 Dis volkome Skriftuurlik. Die visioen was so, of wat dit ook al was, dit was volkome Skriftuurlik.

414 En ek het gesê: "Wel, is dit nie wonderlik nie?" En toe het ek gedink: "Is dit nie wonder- . . . ?"

415 Ek het iets hoor runnik, soos 'n perd. En ek het gekyk. En my saalperdjie waarop ek altyd gery het, klein Prince, ek het soveel van hom gedink. Hier het hy, daar by my gestaan, en sy kop daar oor my skouer gesit, om my te omhels. Soos ek altyd vir hom suiker gegee het, julle weet, en hy het sy . . . ek het my arm om hom gesit. Ek het gesê: "Prince, ek het geweet jy sou hier wees."

Ek het iets my hand voel lek. Daar was my ou wasbeer-hond.

416 Toe—toe Mnr. Short, hieronder, hom vergiftig het, het ek gesweer ek sou Mnr. Short daaroor doodmaak. Ek was omtrent sestien jaar oud. Hy het hom vergiftig, het hom 'n hondepil gegee. En my pa het my met 'n geweer gevang, op pad om hom te gaan skiet, sommer in die polisiestasie. En ek het gesê: "Ek sal hom doodmaak." Ek het gesê: "Wel . . . " Ek het daar na die hond se graf toe gegaan. Ek—ek het hom begrawe. Ek het gesê: "Fritz, jy was soos 'n maat vir my. Jy het my aangetrek en my skool toe gestuur. Ek wou vir jou sorg, wanneer jy oud geword het. Nou het hulle jou doodgemaak." Ek het gesê: "Ek belowe jou, Fritz, hy sal nie lewe nie." Ek het gesê: "Ek belowe jou, hy sal nie lewe nie. Ek

sal hom een of ander tyd op straat vang, te voet, dan sal ek reg bo-oor hom ry, sien." En ek het gesê: "Ek sal hom vir jou kry."

417 Maar weet julle wat? Ek het die man na Christus toe gelei, hom gedoop in Jesus' Naam, en hom begrawe toe hy dood is. Ja, meneer. Ek het omtrent twee jaar daarna tot bekering gekom. Toe het ek dinge anders gesien, sien. Ek het hom liefgehad, in plaas van om hom te haat.

418 So toe, maar, nietemin, daar het Fritz my daar, aan die hand staan en lek. En ek was . . . Ek het gekyk.

419 Ek kon nie huil nie. Niemand kon huil nie. Dit was alles net vreugde. Jy kon nie treurig wees nie, want dit was alles net blydskap. Jy kon nie sterf nie, want dit was alles net Lewe. Sien? Sien? Kon nie oud word nie, want dit was alles net jeug. En dis wat . . . Dis net volmaak. Ek het gedink: "O, is dit nie wonderlik nie!" En die miljoene . . . O, goeiste! Ek was baie tuis, sien.

420 En—en net toe het ek 'n Stem gehoor. En Hy het uitgeroep, gesê: "Alles wat jy ooit liefgehad het . . . " die beloning vir my diens. Ek het geen beloning nodig nie. Hy het gesê: "Almal wat jy ooit liefgehad het, en almal wat jou ooit liefgehad het, het God vir jou gegee."

Ek het gesê: "Prys die Here!"

421 Ek het snaaks gevoel. Ek het gedink: "Wat is die probleem? Ek voel snaaks." Ek het omgedraai en gekyk. En op die bed, het my liggaam beweeg. Ek het gesê: "O, ek hoef tog seker nie terug te gaan nie. Moet, moet my nie laat gaan nie."

422 Maar die Evangelie moes verkondig word. Binne net 'n sekonde, was ek weer op die bed, sien, net so.

423 Nie meer as omtrent twee maande gelede nie, dat . . . Julle het dit gelees hoor word in die—in die Besigheidsmanne se *Stem*. Dit het regoor die wêreld gegaan, sien. En Broer Norman, hierbinne, ek veronderstel hy is hierbinne êrens vanaand. Hy het daarvanaf vertaal, en het dit in pamflette gestuur. Dit het oral heen gegaan. En predikers het geskryf, baie van hulle, en gesê . . .

424 Een hier, ek sal net van hierdie einste een vertel. Daar was natuurlik honderde van hulle gewees. Hierdie een het gelui, gesê: "Broer Branham, jou visioen in die Besigheidsmanne se *Stem* . . . "

425 En ek waardeer vir Tommy Nickels, hoewel hy nie meer by die Besigheidsmanne is nie. Ek weet nie hoekom nie, maar hy is nie. Maar hy het dit net reg daarin gestel, waar ek gesê het. Net daar in daardie drie-enige tydskrif, het hy gesê: "Waar ek . . . Waar Paulus in Jesus' Naam gedoop het, en die mense beveel het om dieselfde te doen, het ek dieselfde gedoen." Sien, hy het dit gestel net soos dit was. Sien? En so toe het ek—ek—ek gedink: "Goeiste!"

426 Hierdie prediker het geskryf, gesê: "Broer Branham, jou visioen . . . "

427 Wat, dit kon 'n visioen gewees het. Het gesê . . . Nou, ek wil nie sê "verandering" nie. As Paulus . . . As ek opgevang was in hierdie eerste hemel en dit gesien het, wat van Paulus wat opgevang was direk in die derde hemele in? Wat was dit? Hy het gesê hy kon nie eens daaroor praat nie, sien, as hy opgevang was. As dit 'n opvangs was, weet ek nie. Ek kan nie sê nie. Ek sou julle nie kon sê nie.

428 Maar hierdie prediker het gesê: "Broer Branham, jou visioen het baie Skriftuurlik geklink en heeltemal in die haak, totdat jy gepraat het oor 'n perd wat daar was." Het gesê: "'n Perd in die Hemel?" Het gesê . . . Sien julle nou daardie kerklike man, wysheid, verstand? Sien? Hy het gesê: "Die Hemel is gemaak vir menslike wesens, nie vir perde nie."

429 Wel, ek het gaan sit. Billy, my seun hier, het die brief net hier in die ou kerkkantoor gesit, omtrent drie of vier maande gelede.

430 Ek het gesê: "My dierbare broer, ek is verbaas oor jou wysheid, maar, en jou kennis van die Skrif. Ek het nie gesê ek was in die Hemel nie. Ek het gesê dit was in 'n plek soos die paradys, want Christus was nog bokant, sien. Maar," het ek gesê: "as dit jou tevrede mag stel, blaai daar na Openbaring 19 toe. En wanneer Jesus uit die hemele van die Hemel kom, ry Hy op 'n wit perd, en al die heiliges ry saam met Hom op perde." Reg. Absoluut. Ja, inderdaad.

431 En bo in daardie selfde Plek, was daar een wat soos 'n arend gelyk het, en een het soos 'n os gelyk, en een . . . Wel, goeiste, waar is daardie perde wat vir Elía kom haal het? Wys jou net, julle sien, die menslike verstand wil net iets hê om op te pik. Dis reg.

432 Nou let op. Maar ek het net gedink, aangesien hierdie dierbare, godsvresende broer, Johannes . . . Ek het net gedink dit sou 'n goeie plek wees om dit in te voeg, net voor die afsluiting, sien. As Johannes Daarnatoe gekyk het, en hulle was van sy broers, sien, sy broers wat 'n bietjie moes ly; dan, sien, het die Here God my toegelaat om my broers en die heiliges te sien wat wag vir die Koms van die Here. Let op, hulle was nie onder die offer-altaar nie; myne was nie. Maar, hierdie was, hulle was martelare. Sien? Myne was nie onder die martelaarsaltaar nie.

433 Nou ek wil hê julle moet baie mooi luister. En ek sal afsluit, eerlikwaar, binne net omtrent tien minute, teen tienuur, al moet ek dit net kortknip en dit môre klaarmaak.

434 Kyk. Hulle, hulle was nie my . . . dié wat die Here my gewys het, die Bruid, Sy was nie onder die martelaarsblok, nee, die offer-altaar van die martelare nie; maar het wit klere ontvang, deur die vergewende genade van die lewende Woord te aanvaar. Christus het hulle 'n wit kleed gegee. Ek dink nie, by die oopmaak . . .

435 Of, ek dink wel, liewer, by die oopmaak van hierdie Vyfde Seël, soos ek glo, dat Dit vir ons oop is. Ek het dit met 'n goeie gewete gedoen, met duidelike openbaring voor God. Het nie probeer om dit net te maak, te dink nie, omdat ek altyd teen organisasies was, nooit aan hulle wou behoort nie. Maar Dit is nou vir my oop.

436 En ek dink nog iets. Met die oopmaak van hierdie Vyfde Seël, in hierdie dag, klaar dit net hier 'n leerstelling op, waarvan ek mag praat, van siele-slaap. Nou, ek besef dat daar mense hierbinne is wat dit glo, sien, in die siele wat slaap. Ek dink Dit bewys dit verkeerd. Hulle slaap nie. Hulle lewe. Hulle liggame, aan die slaap. Maar, die siel, nie in die graf nie, hulle is in die Teenwoordigheid van God, sien, onder die altaar.

437 Dis hier waar ek van 'n kosbare broer, 'n leraar, verskil. En, ek merk op, ek weet ek sien sommige van sy mense hier sit. Dit, ek besef dat dit 'n groot leermeester is. Hy's 'n doktor, en 'n—'n Doktor in Godsgeleerdheid, en 'n Ph., LL.D. En hy's 'n—hy's 'n baie goeie man ook. Ek dink hy is nou al oorlede, teen hierdie tyd. Maar hy was 'n goeie man, en 'n goeie skrywer. En dis Broer Uriah Smith, die skrywer van *Daniël en Openbaring*. Nou, aan julle mense wat 'n volgeling is van sy leringe, sien, nou ek wil nie . . . Ek is nie net . . . wil dit nie op 'n arrogante manier sê nie, maar ek wil net . . . Sien?

438 Maar, Broer Smith, en probeer ondersteun, sien, en hy probeer siele-slaap ondersteun, daar noem hy dat: "Die siel slaap. En daar is geen offer-altaar in die Hemel nie. Dat, die enigste altaar waarvan daar sprake is," wat hy—hy glo in die Hemel is: "is die wierook-altaar." Maar aan julle liewe mense . . . En ek verskil nie van my broer nie. Ek sal waarsk- . . . hoop om hom aan die anderkant te ontmoet, sien. Verskil nie van daardie groot leermeester nie.

439 Maar net om vir julle te wys hoe Hierdie dit verkeerd bewys, sien. Dit bewys dit verkeerd. Die oopmaak van hierdie Seël, in hierdie laaste dag, dit neem net siele-slaap skoon uit die weg. Sien? Hulle lewe. Hulle is nie dood nie. Sien? Let op.

440 Let nou hierna op. Nou, as daar geen offer-altaar in die Hemel is nie, waar lê die offer vir sonde dan, dis die Lam? Daar moet 'n plek wees waar die geslagte Lam, bebloed, daar lê, waar die Bloed . . . dit.

441 Nou, die wierook was die geure, geurige goed wat hulle gebrand het, wat die Bybel gesê het is "die gebede van die heiliges." As daar geen offer op die altaar is nie, dan kan die gebede nie ontvang word nie. Dis net deur die Bloed, op die offer-altaar, wat die gebede laat deurgaan na God toe.

442 Broer Smith was verkeerd, sien. Verskil nie van hom nie; ek dink ek het myself duidelik gemaak, met broederlike liefde en agting vir sy groot werk, sien. Maar hy was verkeerd.

443 Die Vyfde Seël het dit oopgemaak, sien, sien; baie ander dinge, as julle dit gesnap het. Sien? Ek wag vir my vrae, sien, as ek . . . Goed.

444 Nou, waar was die ark; die geslagte, gewonde, bloeiende, bebloede Lam vir boetedoening, vir hierdie geurige gebede?

445 Let op, die Bybel sê: "As hierdie aardse tentwoning van ons woonplek afgebreek word, het ons alreeds een wat wag." Dis waar ek daardie heiliges gesien het. Sien?

446 Kyk wanneer 'n baba . . . Verskoon my weer, susters, vir hierdie duidelike taal voor jong vroue. Maar, kyk. Wanneer 'n moeder swanger geraak het, en daardie klompie spiere draai en spring, verstaan julle, is dit 'n natuurlike liggaam. En net soos die natuur die natuurlike liggaam maak . . .

447 Het jy ooit na jou vrou opgelet voor die kindertjies gebore word? Sy word altyd, regdeur, ten laaste, baie vriendelik, liefderyk. As sy haar hele lewe lank nooit was nie, sal sy dan wees. Het julle al ooit opgelet hoe vroom, of soort van 'n gevoel, jy by die moeder oplet?

448 En jy sien een of ander sondaar daarbuite, spot met 'n moeder wat 'n—'n swanger vrou is. Ek dink dis belaglik. Dis lewe wat na die wêreld toe kom.

449 Maar het julle opgelet, rondom daardie moeder skyn daar 'n liefderyke gevoel te wees? Wat is dit? Dis 'n geestelike liggaampie, geestelike lewetjie, wat wag om in daardie liggaampie in te kom, sodra dit gebore is. Nou is dit net verwek; maar, wanneer dit gebore is, is dit gebore. Die geestelike liggaam verenig met die natuurlike liggaam.

450 En, dan, leer die Bybel vir ons dat ons nou deur God verwek is. Ons is deur die Heilige Gees verwek, wat, Christus is in ons, 'n seun van God wat binne-in ons gevorm word. En wanneer hierdie aardse liggaam afgebreek word, kom hierdie geestelike liggaam uit die ingewande van die aarde, daar is 'n ander liggaam wat wag om dit te ontvang. "As hierdie aardse tentwoning laat vaar word, is daar 'n ander liggaam om dit te ontvang." Hierdie sterflike liggaam neem onsterflikheid aan. Hierdie aardse neem die hemelse aan. Hierdie, sien wat ek bedoel? Daar is 'n natuurlike liggaam wat sondig is; maar, in sy wording, net soos dit, is daar 'n ander liggaam waarnatoe ons gaan.

451 En ek is so dankbaar teenoor God dat ek kan sê, as julle pastoor en broer, ek het daardie mense gesien, so help my, in daardie liggaam, en hulle met my hande hanteer. Dis reg. Let op.

452 Hou dop. Kyk na Moses, Elía. Nadat Moses gesterf het, en Elía in die Hemel opgeneem is, het hy hier op die Berg van Verheerliking gestaan met sy sintuie van spraak, gehoor, begrip,

en met Jesus gepraat voor die kruisiging. Nou, watter soort liggaam het hy gehad?

453 Kyk na Samuel, nadat hy al omtrent twee jaar dood was. Is teruggeroep in die—die grot daardie nag, deur die heks van Endor, en het met Saul gepraat in taal; het vir Saul hoor terugpraat, en het vooraf geweet van dinge wat sou gebeur. Steeds het sy gees nie verander nie. Hy was 'n profeet.

454 Wanneer Elía se gees op die man kom, sal dit hom dryf net soos Elía. Hy sal na die wildernis gaan. Hy sal van die wildernis hou. Hy sal 'n hater van immorele vroue wees. Hy sal teen organisasie wees. Hy sal niemand ontsien nie. En dis net . . . Dis, dit sal sy gees wees. Dit was, elke keer wat dit gekom het, sien.

Moses sal dieselfde persoon wees.

Nou, en ons vind dieselfde ding uit, in Openbaring 22:8.

455 Nou, of om dit te beslis, vir dié wat . . . Daardie siele (kyk nou hierna) onder die altaar, van die breek van hierdie Seël, wat gedood is in die tyd tussen die dood van Christus en die opgaan van die Kerk; die Eichmann-groep, en hulle almal, daardie ware Jode met hulle name in die Boek. As jy sal kyk, my broer, volgens die Skrif, kon hulle gesels, uitroep, praat, hoor, en het al vyf sintuie gehad. Het nie bewusteloos, in die graf, geslaap nie. Hulle was baie wakker, en kon gesels, praat, hoor, alles anders. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, help ons!

456 Twee minute. Amen. Ek . . . jammer ek het julle nog 'n halfuur gehou. Nee, ek kan nie, ek behoort dit nie te sê nie, sien. Sien? Dis reg, sien.

457 Maar, kyk, hier is dit so goed as wat ek dit verstaan, so goed. En volgens die openbaring wat vir my gegee is vanoggend, net voor daglig, deur die Here Jesus Christus, daar is die geopende Vyfde Seël, om by die ander vier te voeg. Deur Sy genade, het Hy dit vir my gegee, Sy genade vir my en jou. Ons dank hom Daarvoor. En, met Sy hulp, is ek van voorneme om nader te lewe aan die . . . as wat ek kan lewe, ander te leer om dieselfde te doen, tot ek Hom ontmoet, saam met julle, in die Heerlikheid, wanneer alle dinge verby is. Ek het Hom baie lief hiervoor, en dis na die beste van my wete Daarvan.

458 En ek glo waarlik, met my hele hart, dat die ware openbarings van die onthullings van die Eerste, Tweede, Derde, Vierde en Vyfde Seël, nou vir ons oop is.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het

[Broer Branham praat saggies met iemand—Red.]

Op Gólgota's boom.

[Broer Branham begin neurie *Ek Het Hom Lief*—Red.]

459 Nou, stil, eerbiedig, voor God! Soos ons hierdie Seël vir ons geopen gesien het, God wat Sy Eie geliefde kinders moes neem en hulle oë verblind, en hulle stuur, omdat Sy Eie geregtigheid—geregtigheid, oordeel oor sonde vereis. Dink daaraan. Sy geregtigheid, en Sy heiligheid, vereis geregtigheid. 'n Wet sonder 'n straf, is nie wet nie. En Sy Eie wette kan Hy nie Self verontagsaam, en steeds God bly nie.

460 Dis waarom God mens moes word. Hy kon nie 'n plaasvervanger aanvaar, 'n seun wat nie. . . net 'n gewone seun van Hom, of iets nie. God het albei geword, Jesus het beide Seun en God geword, die enigste manier waarop hy dit regverdiglik kon doen. God moes die straf Self dra. Dit sou nie regverdig wees, om dit op iemand anders, 'n ander persoon, te plaas nie. So, die Persoon van Jesus was God, gemanifesteer in die vlees, naamlik Immánuel.

461 En om dit te doen, en om 'n Bruid te neem, en om 'n verlore klomp ongelowige Heidene te red, moes Hy Sy Eie kinders verblind. En hulle toe daarvoor straf, na die vlees, oor die verwerping. Maar Sy genade het klere voorsien. Maar, die Lewe, kyk wat het gebeur.

462 En as Hy dit moes doen, sodat ons 'n kans kon hê, hoe kan ons daardie kans van liefde versmaai? As daar in hierdie gebou, vanaand, daardie persoon is, jonk of oud, wat tot nou toe nog, daardie geleentheid versmaai het, wat vir God so 'n prys gekos het, en jy wil, vanaand, daardie offer van God aanvaar; sodat jy nie, vir sover ons weet, 'n martelaar hoef te wees nie, hoewel jy dalk nog kán wees. Maar 'n wit kleed is vir jou voorsien. En as God nou aan jou hart klop, waarom dit nie aanvaar nie! [Broer Branham het drie keer op die preekstoel—Red.]

Nou kom ons buig weer ons hoofde.

463 As daardie persoon, of persone, hierbinne is, wat dit begeer, of dit wil aanneem op die basis van jou geloof in die gestorte Bloed wat God vir jou moes stort, moes ly bo enigiets wat enige ander sterfling het. Daar kon nie 'n sterfling wees wat so gely het nie. Totdat, Sy Eie smart Sy water van Sy Bloed geskei het, in Sy are. Voor Hy na Gólgota gegaan het, het druppels Bloed uit Sy liggaam uitgekom, met sulke smart en gebroke hart oor wat Hy moes doen. Maar, kon dit geweier het ook. Maar, het dit gewilliglik vir my en jou gedoen. Kan jy sulke onvergelykbare liefde verwerp?

464 En jy sien dit nou, met die opening van hierdie Seëls; dit wat jy gedoen het, en wat God vir jou gedoen het. En jy is gereed om jou lewe aan God oor te gee, en as Hy jou sal gryp uit die hande van die antichris waarin jy nou is, sal jy Sy offer aanneem, deur net jou hand na Hom toe op te steek, te sê: "God, hierdeur dui ek aan, dat ek daardie offer van genade aanvaar"?

465 "En Broer Branham, ek verlang jou gebede, dat ek altyd getrou sal bly."

466 Steek jou hand op, en ek sal bid. God seën jou. God seën jou. Bedoel dit nou. Moet—moet dit nie doen tensy jy dit bedoel nie. En net daar waar jy sit, aanvaar dit net daar. Want, onthou, jy sou nie jou hand kon opsteek, tensy Iets vir jou gesê het om dit te doen nie. En niks anders kon dit gedoen het, behalwe God nie.

467 So, nou, wanneer julle die Skrifte so volmaak ontvou sien! Julle sien wat aangegaan het, daar deur die eeue heen, die laaste paar jaar, twintig of dertig jaar. Julle sien dit volmaak bevestig word. Julle sien die Skrif presies sê wat gebeur het, en wat klaarmaak om te gebeur. Dan, op die basis van die geloof in die werk van Christus, net waar julle nou sit, en julle hande opgesteek het, sê: "Van hierdie oomblik af aan, is dit afgehandel. Ek neem Christus nou aan as my Verlosser. En ek sal vir Hom lewe, vir die res van my lewe. En ek begeer dat God my sal vul met die Heilige Gees." En as jy nie gedoop is in die Naam van Jesus Christus nie, die bad sal vir jou wag.

Kom ons bid.

468 Here God, daar was 'n groot aantal hande wat opgegaan het, onder die mense. Ek is seker dat U die einste Here Jesus is, wat die versoening vir ons gedoen het, baie jare gelede. En deur daardie Seëls geopenbaar te sien, en die groot dinge wat net hier plaasgevind het in die laaste paar jaar, glo ek met my hele hart dat die deur van genade begin toegaan, en U is nou gereed om U reis te onderneem om U mense te verlos. Terwyl daar plek is, en 'n oop deur, soos dit was in die dae van Noag, mag hierdie kosbare siele wat lewe in die liggaam van hierdie tentwoning, wat eendag afgebreek sal word, wat daardie sterflike hand opgesteek het, aan hulle binnekant; vanweë hulle—hulle oortuiging en hulle verklaring, dat hulle glo en U aanbod aan hulle, vir redding, wil aanvaar, op hierdie geopende verseëlde-Boek, wat vir ons geopen is. Gee aan hulle, vanaand, Here, 'n kleed van die geregtigheid van Jesus Christus, en beklee hulle siel daarin, sodat hulle voor U kan staan op daardie Dag wat op hande is, volmaak, deur die Bloed van Christus.

469 Here God, as hulle nie gedoop is in die Naam van Jesus Christus in nie! En op die openbaring wat U vir my gegee het daaroor; en siende dat Paulus selfs mense beveel het wat deur Johannes die Doper gedoop is, om weer herdoop te word in die Naam van Jesus Christus, ten einde die Heilige Gees te ontvang, in Handelinge 19. Ek vra dat U hulle sal oortuig van die Waarheid, Here, en mag hulle U gehoorsaam.

470 En dan in gehoorsaamheid van hulle aanvaarding, en gehoorsaamheid aan hulle belydenis, en aan die water; mag U, op U beurt, hulle vul met die Heilige Gees, vir krag om te dien,

vir die res van hulle lewe. Ek dra hulle nou op aan U, in die Naam van die geofferde Lam van God, Jesus Christus. Amen. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

471 Nou, aan julle wat julle hande opgehad het. Gehoorsaam die opdrag van die Gees, wat sal volg op die—die bevestiging van die Woord, vir 'n bekeerde sondaar. Volg dit, in elke daad. En die God van die Hemel beloon jou vir jou standpunt vir Hom. Die Here seën julle.

472 Bring nou môre-aand julle potlode en papiere, soos julle het. Ons verwag om teen dieselfde tyd hier te wees, teen sewe-dertig, op die kop, as die Here wil. En deur . . . bid vir my, dat God die Sesde Seël vir my sal oopmaak, môre, dat ek in staat sal wees om Dit aan julle te bring soos Hy Dit aan my gee. Tot dan, sing ons weer. Nie net deur liedere nie, maar deur lof aan Hom wat in ons plek gesterf het en ons verlos het. *Ek Het Hom Lief*. "Ek . . . "

Hier's julle pastoor nou.

. . . Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het.

Die Vyfde Seël AFR63-0322
(The Fifth Seal)
Die Openbaring Van Die Sewe Seëls reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 22 Maart 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org